

SC 98 P7

M.A. (U.C.T)

NEDERLANDSE LETTERKUNDE AAN DIE KAAP

1930.

1825 - 1855.

DIE POËSIE

HOOFSTUK I.

In die jare 1825 tot 1855 is aan die Kaap betreklik veel geskrywe wat van 'n letterkundige aard kan beskou word. Die 'Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift' was die letterkundige orgaan maar bydrae het in al die Nederlandse en selfs ook in Engelse tydskrifte verskyn. Die nuusblaaie was destyds merendeels tweetalig, en was die organe vir die publikasie van letterkundige sowel as joernalistieke bydrae. Blaaie soos De Verzamelaar van de Lima en Sam Sly's Journal het veel daartoe bygedra om die kunsgevoel onder die lesende publiek lewendig te hou, waar die Z.A. Tydschrift maar 'n beperkte leserskring gehad het, en waar letterkundige werke onder die koloniste 'n seldsaamheid was. Godsdienst was die hoof-saak; die Bybel, kategismus en miskien 'n paar ander godsdienstige geskrifte die enigste literatuur in menige huis.

Meesal word die digkuns as middel tot 'n doel, 'n doeltreffende wapen in die politieke en private strydpark gebesig. Die meeste gediggies wat geskrywe is, is nie destyds van so'n kuns-gehalte geag dat dit plaatsing in die N.Z.A.T. waardig beskou is nie. Van de Lima se veelvuldige gedigte verskyn blykbaar niks in die Tydschrift nie. 'n Prosa-uitgawe deur hom, word afbrekend en vernietigend geresenseer in genoemde blad. Dit lui dat byna op elke bladsy 'n „onwaarheid of absurditeit" staan en dat die werk as „beneden critic" beskou word. Uit de Lima se twee digbundels blyk egter onteenseglik dat baie van sy letterkundige pogings, wat gehalte betref, nie agter hoof te gestaan het vir party van die gediggies in die N.Z.A.T. gepubliseer nie.

Ook van die ander Kaapse skrywers is min gepubliseer as van genoegsame kunswaarde. Meeste gedigte in die Tydschrift

Z.A. : De Zuid-Afrikaan  
 NZAT : Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift  
 De V. : De Verzamelaar

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

is van die hand van Nederlandse skrywers, by voorkeur Tollens maar ook van Huygens, Bilderdijk. da Costa of aanhalings uit ander bekende Nederlandse kunstenaars se werke van die tyd. Die gees van die gediggies was dan ook on-Suidafrikaans. Vandaar dat die letterkunde die lesers nie geïnspireer of min beïnvloed het. Dit was koud soos ys en het weinig ingang gevind.

Die koloniste was reeds afgesterwe van Holland en bewus van 'n Kapenaarskap of 'n Afrikanereie. Afrikaans in die vorm waarin dit vandag gebesig word was toe reeds die spreektaal. (Vgl. die brief van Adam Slokker in die Z.A., 20.8.1830) Oral spreek skyn, en straal die afrikaanse gees en idioom deur in baie van die letterkunde selfs van die meer ontwikkelde skrywers. Nederlands was nie die volkstaal nie en kon dus nie as uitingsmiddel onder die middelmatig ontwikkeldes tot kunshoogtes lei nie. As deftige kunstaal het dit buite die volksiel geskrywe gestaan. Meeste sou die taal ook nie magtig genoeg gewees het nie of as uitingsmiddel was dit vreemd, stremmend, kunsdodend vir sluimerende talent.

Hier en daar ontboesem iemand 'n opgekropte gemoed oor 'n skreiende onreg of verdrukking deur 'n onsimpatieke negro-filistiese regering. aangehits deur die "Philipynsche Hamburg".

Persoonlike naywer tussen editours van die verskillende tydskrifte lei tot geweldige ontploffings. Op 'n bitsige manier vlieg hul mekaar na die hare, pluk die een die ander goed aan die baard en dan volg 'n stilte na die spreekwoordelike "storm in die tea-cup".

Persoonlike griewe en geskilletjies het daartoe gelei dat die een teen die ander te velde getrek het met die pen in 'n skel-of skimpdiggie. Dit alles was maar 'n momentale opflikkering. Daarna is gewoonlik verder van die persoon niks gehoor of het niks verskyn nie.

S. : Sentinel  
M., Med. : Mediator

Waar gedigte geskrywe is om die kuns, het die skrywers, soos reeds aangetoon, sterk onder die invloed van die destyds erkende Nederlandse outeurs gestaan. Die gees van die Kaapse erkende literatuur was die gees van die Hollandse produk van die tyd. Onder normale omstandighede was alles en almal so goed en braaf. Met dankbaarheid, selfs ingenomenheid, uiter de Lima hom by geleentheid van die inwyding van gasligte in Kaapstad of in verband met ander plaaslike, soms ondergeskikte sakies; besing Changuion die voortreflikheid van die boerestand en die plaaslewe teenoor die stadslewe; plaas 'n ander skrywer 'n gediggie oor 'n godsdienstige byeenkoms op die Paradeplein of oor 'n optag deur vrygestelde slawe, of <sup>oor</sup> die ongemak en ongerief veroorsaak deur die Sondag-Ordonnansie, ens.

Die skrywers peins eerbiedig met gevoue hande en die oë na die Hemel gerig oor die lewe, beklag die lyding en verdriet van die aardse, die kortstondigheid van die menslike bestaan, die nutteloosheid en waardeloosheid daarvan, bedink die sake van die Ewigheid met 'n kinderlike vertrouwe en hoop op die Voorsienigheid Wat alles ten beste beskik oor die mens. Hierdie Calvinistiese geloof en onderdanige berusting in die wil van God geuit in 'n kenmerkende preekstyl en trant, kenmerkend van die 'predikante'-poësie van die Nederlande, voer ook die botoon in die Nederlandse letterkunde aan die Kaap. Die gees weer beïnvloed die skrywers so sterk, dat hul kunsgevoel daaronder ly en plaas maak vir godsdienstige oorpeinsinge, sedelike, en maatskaplike bespiegeling. So verval de Lima in die groef van die voorvaderlike tradisionele kuns en retoriek. 'n man wat wel bewys, lewer van digterstalent. In 'n omgewing wat onoortrefbare natuurskoon besit, temidde van grootse verhewe temas, rig hy liewer <sup>sy</sup> blik na die alledaagse,

kleinighede, ondergeskikte sakies. persoonlike nietigheidjies, bly hy blind en oenskynlik gevoelloos vir al die skoonheid om hom. Sy kuns vind weinig ingang, kon weinig invloed uitoefen op die Koloniste en die literatuurgeskiedenis van die Kaap. Vir hom is eerbied en trots op die "Land onzer vaderen en het Vorstenhuis" een van die hoofsaake, 'n groot onderwerp vir letterkundige beoefening naas die godsdienstige oortuiginge.

Ds Borchers, 'n ander Kaaps-Nederlandse skrywer van naam, gee 'n mooi beskrywing van die natuurskoonheid van die Jonkershoek, Franshoek en Hottentotsholland Kloof in die Nederduitsch ZuidAfrikaansch Tydschrift van 1830 (p.44). Dat hy 'n oog had vir besonderhede, kom duidelik hier uit. Die waterstroompies, valletjies onder groen bome waarin die voëltjies sing, word mooi geteken. Weer is dit die rustige, bedaarde waarnemer wat sy opmerkinge op 'n heel eenvoudige wyse boekstaaf. Tog beskryf hy detail.

In sy twee gedigte "AAN DE MAAN" en "DIE VOLKPLANTING AAN DE KAAP" is dit nie 'n geïnspireerde, lieriese digter wat grootse temas, ryk aan detail, tot 'n verhewe kunsprodukt uitbeeld nie. Die natuurwonder van die Kaapse Skeiereiland in al sy verskeidenheid, die prag van 'n Suidafrikaanse sterrehemel, die trotse berg met sy groen, beboste hange, waterryke klowe met mos en klimop begroei, die woedende suidoostewind met sy simbool van reinheid oor die tafel, die Kaapse Vlaktes met kruipende sandduine, al hierdie variasies in 'n magtige onderwerp inspireer hom nie. Of hy is onmagtig om uiting te gee aan sy inspirasie.

Hy laat die teleurgestelde leser baie keer dink aan 'n onhandige maar gewillige arbeider wat gedurig aanmoediging nodig het om sy doel te bereik. Maar dis g'n onbekwaamheid nie, dis sleur, groef-invloed. De pragtige natuurskoon

word in die verbygaan, heel terloops, aangehaal. Dan volg die bedaarde rymverteller. DIE MAAN bly vir hom 'n onverstaanbare, onbeskryfbare voorwerp ver van die aarde verwyder. Met 'n teleskoop sou 'n mens miskien baie wat mooi is kan sien op die maan, maar dit het hy nie, en al is "DE MAAN" volgens die tittel 'n natuurdiggie, bepaal Borchers hom egter meer by die wel en wee van die mens, is dit meer 'n didaktikus die predikant wat hier preek. Hy vergeet dat sy gedig "DE MAAN" getitel is. Skielik val dit hom weer by, maar gou vergeet hy ook weer. By beskrywende gediggies soos "DE VOLK PLANTING" of 'n leerdig soos "DE LEVENSREIS" is hy op sy beste. Laasgenoemde is 'n goedgeslaagde preek op rym nie van alle kuns waarde ontbloot nie. Die digter toon 'n besondere meesterskap oor die taal maar kannie vergeet dat hy predikant is nie. Soms tree hy in lewende lywe in die gedig as sedemeester op.

Kortliks moet hier melding gemaak van die werk van Dr. A.N.E. Changuion. Wat van Borchers gesê is, geld in 'n meerdere mate van Changuion. Die Nederlandse taal was hy magtig. 'n Mooi gedig van Matthison vertaal hy op meesterlike wyse uit hoogduits en gee sy leders iets wat, as dit verspronklik van sy hand was, een juweeltjie van Dr. Changuion kon beskou geword het.

Ander digters wat geskrywe het terwille van die kuns het hulle nie gewaag op die skynbaar glibberige ys van selfstandig skrywe nie. So een sou dan 'n ware kunstenaar gewees het. Krampagtig het baie skrywers vasgeklou aan die roksbande van digters uit die Vaderland. So na het een skrywer aan sy Nederlandse voorbeeld gehou dat dit tot 'n heftige pennestryd oor onbeskaamde letter-diewery gelei het. Die koloniste was te nugter dan om verhewe, liewiese kuns voort te bring ("malkuns" soos een moderne Afrikaanse skrywer dit noem). Selfs vandag nog kan die Suidafrikaanse lesers

daardie kuns nie altyd verstaan of waardeer nie; vandaar die karakterisering van "malkuns".

Die meeste gedigte toon g'n diepte van gevoel nie. Of die tema nou natuurkundig is of Godsdienstig, of 'n sekere fase van die menslike lewe behandel, meesal weer word daarop losgerym met 'n oppervlakkigheid wat die lees van 'n aantal <sup>van</sup> hierdie verse naderhand bitter vervelig maak.

Die gebrek aan deeglike opvoeding, die dun verspreide bevolking, die gemis aan onderlinge verkeer, die teenwoordigheid van die regerende Engelse uit die magtige Engeland met haar wêreld-beroemde literatuur, dit alles moet h~~and~~erdrukkende (suppressive) invloed op die letterkundige uiting van die Hollandse koloniste gehad het. Die eenvoudige burger het g'n leiding of aanmoediging van sy meerontwikkelde landgenote gekry nie. Letterkundige Nederland het lekker gedut in die son van haar eie grootse verlede. Die Kaapse skrywers het merendeels die voorbeeld gevolg, en mee gedoen.

Dit ly geen twyfel nie dat daar wel sluimerende talent bestaan het onder die Kapenaars. Bewys hiervan het ons uit die ruim bydrae in poësie van 'n aantal onbekende skrywers. Baie van die gediggies gee ons 'n juiste blik in die gemoedstoestand van die koloniste oor die een of ander ernstige saak. Humor, sarkasme, bitter ironie, selfs felle haat spreek uit baie. Ons hoef hier maar te refereer na wat ek sal noem die "Philipynsche" reeks. Al dadelik besef ons watter politieke atmosfeer die man, Dr. Philip, geskep het en in watter lig hy voor die koloniste gestaan het.

Die Kafferoorloegediggies laat ons dadelik voel dat ons hier te doen het met geskiedkundige gebeurtenisse wat 'n blywende indruk op die veronregde bevolking se gemoed gemaak het. Of lees die Anti-Bandiete reeks, en

u vind aan die eenkant fyn sarkasme en spot, aan die anderkant bittere ironie, verontwaardiging oor die smaad en belediging die Kolonie deur die Engelse regering aangedoen. Watter ontroue "pledge"-verbreker (bewus van sy snoodheid) sou nie die vloek oor hom uitgespreek, diep gevoel het nie: Maar hier het die digkuns gedien as 'n wapen in die stryd teen dwinglandy. In die gediggies straal daar kunstrekke deur, omdat die digters weergegee het wat in hulle binneste gebrand het. Onbewus het hulle meer kuns geskep as die bedaarde doel-bewuste digters wat geskrywe het om die kuns.

'n Afrikaanse volks-bewussyn was langsaam aan die groei. Dit word duidelik <sup>by</sup> met die lees van die letterkundige bydrae uit die troebelrige tydperk, die kritieke jare in die geskiedenis van Suidafrika. Uit die oogpunt beskou, is die Poesie van groot historiese belang en gee ons 'n goeie insig in sake; politieke sowel as maatskaplike. Hier kry ons werklik volkspoësie. Die Nederlandse taal was egter vreemd uit die pen en in die siel van die koloniste. Onder die oppervlakte het die stryd toe reeds tussen Nederlands en Afrikaans bestaan waarin eersgenoemde nog die botoon gevoer het tengevolge van sy tradisie en geskiedenis maar tog oral die inwerking en gees van Afrikaans moes ondervind.

In 'n bespreking van die poësie van die jare, kan dit in vyf hoofgroepe verdeel word tw.

- (1) Hekeldiggies.
- (2) Godsdienstige gediggies.
- (3) Lieriese en beskrywende gediggies.
- (4) Geleentheidsgediggies.
- (5) Mengeldiggies.
- (6) Humoristiese gediggies.

Van 'n letterkundige oogpunt is die eerste drie die vernaamste <sup>in</sup> en/die groepe tref ons die <sup>bes</sup> geslaagde poginge. By 'n bespreking van die poësie moet ons stilstaan by die drie uitstaande persone van die tydperk tw. J. Suasso de Lima, Ds. Meent Borchers en Dr. A.N.E. Changuion. Van die hand van

Ds. Pierre Huet verskyn ook drie klein digbundeltjies, wat egter buite hierdie tydperk val.

J. S. de Lima (1791-1858). Vir 'n lewensbeskrywing van hom verwys ek na „Drama en Toneel”. ( Dr. F.C.L. Bosman) <sup>die</sup> en/artikel "Hollandse Joernalistiek" deur dieselfde skrywer in "Ons Land" (8 April, 1930). 'n Man met deeglike opleiding en veelsydige talente, was de Lima deur sy eienaardige voorkome, oral-teenwoordigheid in die stad, sy aktiwiteit in die joernalistieke en letterkundige kringe, 'n veel besproke en misgrepe persoonlikheid.

Bemoeisiek en aanstootlik, het hy met menigeen in botsing gekom, is hy bespot en aangerand deur die mense op straat. Op letterkundig-gebied was hy in waarheid 'n "spectator", didaktikus, digter, 'n Afrikaanse "Vader Cats".

Sy kunstenaarssoog kon egter nie verder sien as die plat huise en die bure in sy omgewing nie. sy digtersiel is in vreedsame, genoeglike mymeringe gesus deur Vaderlands- liefde (wat meer betrekking gehad het op Holland) en Godsdienssin. As Kapenaar in die nouere sin, was sy werk te eng, parogiiaal. Tog het hy met groot liefde geywer vir die kuns in die lig waarin dit vir hom geskyn het. Dat hy twee digbundels kon uitgee, bewys dat hy tot 'n sekere mate gelees en gewaardeer is. Die meeste gedigte in die eerste bundel is geskrywe in jare 1825 voorafgaande en val dus buite die bespreking van hierdie opstel.

Sy blad "DE VERZAMELAAR" (waarvan die uitgawes van die jare 1827-1838 ongelukkig nie in die Suidafrikaanse Openbare Biblioteek te vind is nie) was vir die tyd een van die vernaamste kunsblaaie afgesien van sy joernalistieke inhoud. Maar sy letterkundige bydrae daarin was te eng, persoonlik dan dat hy enige hoogtes kon bereik. Te besig met die saak, het hy die kuns vergeet. Hy het te diep in sy eie groef gegaan.

As man vir liefde en vrede veral in die politieke wêreld het hy die veilige stilswye bewaar oor al die groot brandende vraagstukke van sy tyd. "De Engelsche kolonisten, uwe vrienden, zeggen overluid. dat gy de gulhartigste, de vreedzaamste, de geduldigste soort volk onder de zon zyt".... "Deze zeggen.... niet alleen dat gy totaal onwaardig zyt om de voorrechten van Britsche onderdanen te genieten, dewyl gy te veel vet eet, te min portwyn drinkt, en u gansch niet met politieke zaken bemoeien....."(Aanhaling uit "Hollandse Joernalistiek"; Dr. F. Bosman; "Ons Land", 1930.)

Hy het sy aandag gewy aan plaaslike, huishoudelike probleme en persoonlike geskille. Hoewel nie met sekerheid gesê kan word nie, kan ons egter vrywel aanneem dat die meeste gediggies, nie onderteken nie, in De Verzamelaar van sy hand verskyn het, of andersins dat hy hom met die inhoud ten volle vereenselwig het. Dikwels eindig hy inleidings of subartiekels met 'n paar digreëls kan- verskillende sake wy hy sy aandag.

Skrywe hy nie self nie, dan publiseer hy 'n gediggle oor iets waarin hy belangstel. Sy medestadgenote het hom waarskynlik as g'n aangename mens beskou nie. Hy moes veel leed van hulle kant ondervind; sy rustelose bemoeisug het ook baie hiertoe bygedra ~~het~~. Tog was daar by hom 'n vrome godsdienssin wat eerbied vir die man moes afdwing van die kant van sy lesers. "Op sy leeftyd skyn dit as of de Lima tot 'n beter leefwyse geraak het..... Veral het die dood van sy aangenome seun, aan wie hy innig verknog was, 'n diepe indruk op hom gemaak". ( . De Lima; Eerw. A. Dreyer, "Ons Land", 8.4.1930) Watter patos spreek daar nie in sy digreëltjies "Scheiding" of Bespiegelende Lynen (D.V., 18.4.43) nie, die lydende, strydende siel aan die end van sy aardse bestaan. De Lima se lewe was gewis nie 'n bed van rose nie. Met sy dood in 1858 verdwyn daar een van

die merkwaardigste figure in die joernalistieke en letterkundige wêreld van die Kaap van die 19<sup>e</sup> eeu, van die toneel, Immers, bewus of onbewus het hy gestrewe om 'n letterkundig sluimerende landjie tot sy laaste oomblikke op te voed, te lei en te inspireer.

Dr. Changuion was hoogleraar aan die Z.A. Athenaeum. Op die gebied van poësie het hy nie veel geproduseer nie. Dog op letterkundige gebied het hy 'n leidende aandeel gehad. Vir 'n lewensbeskrywing verwys ek na die artikel van Eerw. Dreyer in O.L., 8.4.1930.

Naas de Lima, was Ds. Borchers een van die vrugbaarste werkers, iemand wat, onder invloed van uitstaande kunstenaars instaat sou gewees het letterkundige werk van hoe gehalte te lewer. (Vir 'n lewensbeskrywing sien P.B. Borchers Naberigt in latere uitgawe van DE MAAN, Suidafr. Openb. Bibl. Kaapstad). Hy was 'n ywerige ondersteuner van die Z.A. Tydschrift waarin heelwat artikels en gedigte verskyn het van sy hand. By hom egter was die moralis, die leermeester, die predikant die man wat alle ware kunsuiting op die agtergrond geskuiwe het.

*Handwritten notes:*  
Lewensbeskrywing van  
Dr. Changuion in O.L.  
8.4.1930

Voor God de deugd en't regt, moet vuig  
bedrog eens zwichten;  
En gy gy redt de eer van 't zuchtend  
Vaderland.

(Parodie. Afrikaansche Vrouw: (Z.A. 25.6.1830)

Dit was hier nie 'n persoonlike onreg nie, dit was  
die eer van die hele kolonie wat op die spel gestaan het  
wat so snood deur Philip geskend was. Kon hy maar geweet  
het hoe diep hy die koloniste gekwes het. Hy verlaat  
Suidafrika. Sarkasties word hom 'n "Laast vaarwel" in die  
mond gele.

Merk op!

Gelyk de morgenzon met purper goude  
stralen.  
Het schitterendst daglicht scheidt uit zwarte  
duisternis.  
Verscheen ik onder u".

Hy roep al die sendingstasies, al die kleurling - en  
naturellestamme 'n weemoedige(?) vaarwel toe! Selfs die  
Boesmans vergeet hy nie.

Vir al sy opofferende dienste (?) word hy verfoei en  
beplaster (sic):

"Doch God .....

Zal zeker eens uw lot en 't myne  
strenglyk wreken,  
En dit gevloekte oord als Sodom doen  
vergaan".

Spreek uit die reëls nie meteens geskonde eer aan die  
eenkant en 'n onversoenlike Dr Philip aan die anderkant  
nie?

(Dr. Es Laast Vaarwel, Q.Q., Z.A., 2.7.1830)

WEDERKERIGE ADIEU deur Afrikaansche Vrouw (Z.A., 9.7.1830)  
klink in dieselfde trant in navolging van die vorige.

Dan volg 'n juigkreet as Dr. Philip in 'n  
regsaak deur Mackay teen hom vyfhonderd pond skade vergoe-  
ding met koste, vir laster moet betaal. Hierdie gedig  
deur N.N., staan ver onderkant die eerste van hom, wat  
kunsgehalte betref. Hier spreek daar nie die spontane

vreugdesuïting nie. Dis meer koogdrawende 'gemaakte' taal, bombasties en onnatuurlik. Heelwat oordrewe en gesoek klink bv:

"Ja ieder woord die hier van 's Regters lippen rolde,  
Sneed als een bliksemflits door 's Lasteraars valsch gezigt.  
Klonk als een donderkreet die 't bloed in d'adren stolde:  
Als 't laatst bazuin geklank van 't Opperst Strafgerigt".  
(Z.A., 30.7.1830)

Die Nederlandse skryftaal moes egter menigeen die swye opgelê<sup>^</sup> het. Afrikaans is deur die ontwikkeldes destyds a fortiori as 'n onding, "Hotnostaal", beskou. Die roem van die Nederlandse taal word deur Changuion, de Lima e.a. hoog besing. Die "would be" skrywers het dus nie die moed gehad om hul saak te bederwe of bespotlik te maak deur dit in Afrikaans te verdedig/ <sup>nie.</sup> Maar Adam Slokker waag dit, deur 'n Afrikaanse brief, oënskynlik uit die mond van 'n kleurling, Dr. Philip op 'n kunstige manier in sy warm, lewende moedertaal aan te val. Waar Hollands die skryf- en geskrewe-taal was, en deur baie bv. onderwysers, predikante e.a. nog gepraat is, sal ons desnoods Nederlandse uitdrukkings daarin vind. Tog staan 'n mens verras deur die suiwere Afrikaanse idioom en uitdrukkings wat daarin voorkom.

#### DIE KAFFEROORLOË - SLAWE - en GROOT TREK.

Vreemd is dit dat die historiese gebeurtenisse waaruit hierdie reeks ontstaan, nie meer tot uiting in poësie gelei het nie. Was dit miskien daaraan te wyte dat die westerlinge te ver was van die gevaar of brandpunt op die oostelike grense, of dat die slawe-eienaars so onder die indruk van die afkeurenswaardigheid van slawery verkeer het dat hier weinig diguiting plaesgevind het? Tog vind ons genoeg bespreking en protesbriewe en andersins teen die beleid in die sake. Begryplicher/ die stilswye oor die Groot

Trek. Die vind plaas uit die oostelike distrikte. Die koloniste in die weste het maar 'n geringe besef gehad van wat moes verduur word op die oostelike grense deur hul landgenote. Tevrede op hul mooi, vrugbare plase, het hul nie die Groot Trek goedgekeur nie. In al die Kaapse blaai vind ons afkeurig, stilswyend of openlik.

Die Trekboere het nie tyd gehad om hulle gevoel te uiter in letterkundige bepeinsinge of strydskrifte nie. Hul moes op die voorposte staan, hul plase bewaak hul vrouens en kinders beskerm, hul vee oppas.

Wat onder hierdie hoof verskyn, gee egter 'n indruk wat die mense selfs in die weste oor die sake gedink het. Hulle het gesimpatiseer met hul volksgenote in hul verdrukking. Miskien het hul gereken 'Dit sal regkom' en dus geduldig op 'n bevredigende oplossing gewag. In

"DE KAFFEROORLOG" (Juvenis) uiter die skrywe 'n versugting oor al die verdriet en ellende deur die Kaffers veroorsaak.

"Hoor hoe die Barbaren woeden;  
Ach! welk een angst en welk een wee;  
Zie - hoe veler harten bloeden,  
By verlies van haard en stee".

Baie moedige verdedigers van huis en kinders is vermoor, die plase geplunder en verbrand. Die trou van die "Finguanes" uit dankbaarheid vir verkreeë vryheid, word gewaardeer. 'n Mag van koloniste, oud en jong, Christene vertrouende op God, en barbare het nou die wapens teen die Kaffers opgeneem. Die burgers word aangemoedig tot dapperheid. Lank genoeg moes hul die roof, moord en plundering verduur. Dr. Philip se invloed moet deur geregtigheid die kop ingeslaan word.

Hier voel die leser die erns van die toestand. Op 'n ongeunstelike, eenvoudige wyse word 'n gevoel van gelede onreg aangedoen deur die edel (?) Philips gebroed, uitgespreek, regverdige eerbied vir die dapper burgers en

Finguane (De Z.A., 11.6.1846).

Na 'n suksesvolle veldtog keer die dankbare  
seëvierende burgers terug

In

"VREUGDELIED" (Z.A., 8.10.'46) uiter 'n  
Medestryder sy vreugdesang oor veilige terugkoms.

"Komt broeders, scep weer nieuwem moed  
Ons lyden is haast uit.....

God sy daarvoor geloofd".

'n Blye weersien van ouers, kinders, vriende wag die  
juigende kommando. 'n Jong nointjie druk haar minnaar  
"teder aan het hart".

Dan klaag hy oor die slegte rantsoene. Dis  
begryplik dat dit daar soms nie te regverdig toe gegaan het  
nie. Hulle het "vyfkwart pond vleesch dat somtyds stonk"  
gekry. Vet kon hul nie bekom nie. Die was vir die kaptein  
van die laer. Teen hom het die skrywer 'n wrok gehad. Hy  
was heelwaarskynlik 'n Engelse offisier. Die beste vleis  
het hy geneem en daarvan biltong vir sy vrou gemaak. Dan  
was hy ook 'n regte bang broek wat deur 'n lyfwag moes  
beskerm word. Die kommandant was meer gewild, 'n geëerde  
dapper offisier. Die skrywer eindig met die seën van die  
Allerhoogste op die kommandant en die Vaderland af te smee.

Die eerste gedeelte is vol gevoel en nie van  
kunswaarde ontbloot nie.

Oor die vrystelling van die slawe vind ons drie  
gediggies van belang.

"DE EERSTE DECEMBER" (O.P.Q.) en

"HET LOT VAN ZUIDAFRIKA" (nie onderteken)

"AAN LORD GLENELG"

in "De Meditator" van Des. 1837, en Jan 1838.

Die eerste is 'n sarkastiese spotdiggie oor die optog van die vrygesitte slawe. Die opmerker is so aangedaan ten kwade deur die "geraas, geschreeuw, getier" dat hy verplig voel sy nood by die "Meditator" te gaan klae. Hy vrees dat die mense die Boere moeite sal aandoen. "De Dutchmen zal het proeven". Hy gaan o.a. na die Kerkplein en daar sien hy "Een menigte van Cham's geslacht,

"Oh, let's be joyful" was de zang".

...de ladies in 't zatyn  
Meest waren van 't Paradeplein"  
Die Engelse taal en invloed het toe blykbaar  
reeds 'n sterk houvas op die kleurlinge  
gehad.

Die prosessie trek op na die Tuin, om daar die heuglike gebeurtenis te vier. Om sesuur gaan "de heren van het zuipen moe", toesprake (?) hou. Later

"Dat zy met hun gepreek van drank  
Meer dronken waren dan wel krank,  
Sy konden naauwlyks loopen".

Vir ons wat nie meer die erns van die situasie kan voel nie, is die gediggie baie komies. Ons kan ons die digter voorstel by sy skryf-tafeltjie met 'n uitdrukking van spyt en walging op sy gesig, terwyl hy bitter vies vir die hele spul, eenkant toe spuug, en sy baard tussen sy lippe vasbyt van ergenis.

Die tweede gediggie is van 'n swakker gehalte. Die skrywer is pessimisties oor die toekoms van Suidafrika. Hy het wrange vrugte verwag op die vrystelling van die slawe. Die landbouers sou gebrek hê aan arbeiders en die veeboere was reeds aan die wegtrek; net die terloopse aanhaling oor die Groot Trek. Die koloniste het die ernstige vraagstuk beter deurgesien as die destydse regering.

Lord Glenelg word versoek om beskerming aan die koloniste te gee en die onbekwame amptenare op pensioen te laat aftree omdat hul te oud is en <sup>in</sup> die sake van die Kolonie

g'n belang stel nie.

"E.... biedt u glorieryker kansen  
Want hy wil naar uwpypen dansen.

Verder word die, „Ed'le Lord, gy puik der wyzen” op  
'n snydend sarkastiese wyse deur die kole getrek.

Oor die latere lotgevalle van die Trekkers verskyn  
niks behalwe oor die Slag by Bloedrivier wat aanleiding  
gee tot die plasing onder "Origineele Poezy" van

"DE BOEREN EN DE ZOOLAHS"

in "De Meditator" (26.2.1839) wat egter 'n geval van  
gewaagde en onbeskaamde plagiaat was en tot 'n vermaaklike  
botsing tussen DE MEDITATOR, De Ware Afrikaan en  
SENTINEL gelei het.

Die Anti-Bandiete agitatie gryp weer die hele  
Suidafrikaanse volk aan. In die Slawestryd of die Kafferoorloë  
het daar verskil van opinies bestaan. Die poging om die  
Kaap 'n Bandietstasie te maak, spoor egter die inwoners tot  
eendragtige verset aan. Eerste kom 'n gediggie deur 'n  
"inboorling van Stellenbosch", wat 'n versoek is aan die  
koningin om nie die Kaap tot huisvesting vir bandiete te  
verlaag nie. Immers die burgers is in eerlikheid en  
Godsvrug opgevoed. (Z.A. 23.7.'49) Dis deur 'n swakgeleerde  
geskrywe en van g'n kunswaarde nie.

Dan volg 'n kragtige protes uit Swellendam

"INVOER DER BANDIETEN IN DEZE KOLONIE".

deur W.R.M. (Z.A., 26.7.49) ook weer van iemand wat onder  
gewone omstandighede dit nie sou gewaag het om sy digters-  
talent ten toon te stel nie. Maar dit was 'n ernstige  
saak wat die eer van die Kolonie aangetas het. Watter  
egte band bind W. nie aan die land van sy geboorte nie?

"Gehechtheid Liefde en Trouw aan myn  
geboortegrond.  
Doen my gerust besluiten  
In dezen aak-ligen, voorwaar benaauwden  
stond  
Myn zek're vrees te uiten".

Die bloei en welvaart van die land begin af te neem.

Duisend rampe tref die kolonie. Weer 'n nuwe gevaar,

"Minister Grey besluit, door zyn gezag",  
(nie deur die volk te raadpleeg nie)  
Onze bevolking te vergroten".

"Hy schenkt ons Schurken! alle soort en  
aard  
De strop eens vrygelopen,  
En wil ze ons, voorzien van pas en kaart,  
Voor goede waar verkopen".

Hierin sien hy die ondergang van die land, want die land  
is groot, die bevolking klein en verspreid en <sup>die</sup>boere lewe  
rustig op hul plase.

"De doornen schoten op, vermengden goed  
met kwaad  
Het goede werd door 't kwaad verdreven".

As die "paspoort klanten, 't presentje van Graaf Grey"  
op die kolonie afgeforseer word, kan hul maar gerus die  
naam, Kaap die Goeie Hoop, verander.

Dis 'n eenvoudig geuite protes. Die versmaat is  
effens onreelmatig, 'n bewys dat die outeur nie  
gekonfyt was in die digkunde van die tyd nie.

"HET VONNIS IS GEVELD" (Africanus)

(Z.A., 6.8.49) spreek 'n sterk gevoel van afkeuring uit.  
Graaf Grey volhard in sy voornemens. Die koloniste voel  
gekwes, beledig, geskok en Grey is die voorwerp van hul  
ongenoë.

"Oedele Minister, O ster van Engeland,  
Och waart gy toch by ons, by ons hier in dit land,  
Wy zullen u omhelzen omvatten als om stryd  
Wy zullen u - verdrukken uit louter dankbaarheid.

Watter sarkasme in die laaste versreel!

Na 'n bepeinsing oor die slegte gevolge van 'n bandietstasie  
aan die Kaap, besluit die digter tot 'n besliste stand teen  
so'n plan, en vermaan hy die koloniste trou te staan. Hy  
waarsku enigeen wat die pasdraers mag ondersteun.

"Wy vloeken den verrader.....

Ziedaar het lot van hen die weifelen en sluipen,  
Als adders in het gras zich kronkelen en gluipen.

Hier sit krag in. Let op die vergelyking en die effektiewe,  
passende woorde, "sluipen" en "gluipen".

Die vonnis oor die ontroues:

'De verste nageslachten.....

Zy zullen hun namen verguizen en verachten."

'n Duidelike Afrikaner bewussyn spreek in al hierdie bydrae.

Van D. Broekhoven 'n huisonderwyser in Zwartwater,  
Goudini, Worcester verskyn 'n drietal gediggies oor die  
kwessie.

"KAAPSCHE VOLKSLIED" (Z.A., 24.9.49)

op die wysie van "Wien Neerlandsch Bloed" is nog 'n  
heftige protes.

Dan volg 'n ernstige waarskuwing

"AAN EEN PLEDGE VERBREKER" (Z.A., 14.1.50)

Daar was tog mense wat om "vuil gewin" nie geaarsel  
het om hul "pledge" van lydende verset te breek nie. Die  
ban word oor diesulkes uitgespreek. Dis egter nie 'n  
spontane gevoelsuiting nie. Oordrewe taal en uitdrukkings  
word aangetref.

"Verlaat, verlaat die land - zwerf als een balling voort;

Die stem van 't Kaapsche volk zal immer u verzellen".

'n Bietjie oordrewe klink b.v.

"Rampzalig sterveling waart gy uit 's moeders  
schoot,  
By uwe komst, maar weer in 't graf gedoken,  
Dan was dit thans voor u geen vaak herhaalde  
dood,  
Noch bleef gestaag een 'Hel in uwe borst  
ontstoken".

As die troubrekers nie wou hoor nie, moes dit in hul ore  
donder en hul lot 'n onbenydenswaardige gemaak word.

Dan styg 'n dank-en juigkreet op. Die "Neptune" vertrek,  
Die Koloniste het geseëvier.

"VREUGDELIED" op het Vertrek van Het Bandieten

Schip Neptune<sup>)</sup> (Z.A., 7.3.'50) is in dieselfde trant geskrywe as die eerste twee. Hy dank God, die Koningin en die troue vriendetal.

"Hyscht Kapenaars, de vlag in top  
Nu 't Pestschip ons verlaat"

'n Wee word oor die ontroues uitgespreek

"Maar ach het duurt slechts kort  
En al dat geld en goed bezwykt,  
Wyl gy nog armer zyt".

En uw geweten zal in 't verste wereldoord,  
Uw lage, zwarte ziel in zyn schroeven knellen".

Hy eindig deur vergifnis van God vir hul te vra en heil  
vir Suidafrika.

#### EDITEURE GESKILLE.

'n Aansienlike deel van die tyd en aandag van editeurs uit die dae, is in beslag geneem deur verdediging teen of aanval op persoonlike en professionele teenstanders. Dit was in sekere mate 'n stryd om bestaan tussen voor die tyd talryke nuusblaasie. 'n Groot deel van die inleidingsartikels van De Zuid-Afrikaan b.v. was gewy aan 'n persoonlike bitsige aanval op die editor van die 'S.A. Commercial Advertiser' wat weer van sy kant op nie minder heftige wyse beantwoord is. 'n Effektiewe strydmiddel was ook die poësie. Onder die klas gediggies kry ons regtig meesterstukkie in die uitskelkunde. Baie keer moes albei partye van hul beste pluime in die stryd laat. Miskien het so'n stryd ook daartoe bygedra om die dood van die een of ander nie alte voorspoedige blad te verhaas. "De Meditator" gaan gou na so'n stryd ten onder. Boniface, een van die baasbekleiers onder die koerantmanne, moes van die een blad na 'n ander gaan maar kon dit by g'n een uithou nie weens sy strydlustige temperament.

Die stryd tussen "De Zuid-Afrikaan" en de "Advertiser" is heftig, soms vermaaklik. Dis ook g'n wonder dat die blaaië in die eerste jare 'n moeilike bestaan gemaak het nie waar hulle te veel met kleinere geskille besig was i.p.v. die wyere belange van die kolonie te bespreek en verdedig. Dit was inderdaad die rede van de Lima se geringe invloed ondanks sy ruime letterkundige produksie.

Grappig is die gediggie.

"AAN EEN BULHOND ONZES TYDS" (Z.A., 31.10.1834)

'n satiere op die S.A.C.A., meer teen die edituur John Fairbairn deur die "Zuid Afrikaan". 'n hegte mooi metafor word hier gebruik en die tekening is nogal raak en realisties. Watter leser kan hierdie toneeltjie uit die honderyk hom nie pragtig voor die gees bring nie.

"Blaffend steeds uzelfen roemen,  
En de Keffers die in 't klein  
Aapen van hunn meesters zyn;  
Die gestadig op staan passen  
Of zy u ook horen bassen,  
En wier treden zyn gerigt,  
Waar ge uw been hebt opgeligt".

In so'n heftige uitskeldiggie ontbreek dit aan fyn smaak of etiket. Dis grof en haatlik. John Fairbairn roem sy eie 'braaksel' maar die sang 'van ander blaaië, doemt hy.

Wil u 'n tiepiese voorbeeld van 'n goed geslaagde uitskeldery vind, slaan dan

"ODE AAN"..... (Die "Advertiser")

in die Meditator van 13.2.1838 na. Hier het die skrywer homself waarlik oortref. Dit is waarskynlik deur C.E. Boniface geskrywe wat 'n tydlang van hierdie blad 'n medewerker was as lid van die redaksie.

In "HET NIEUWE JAAR" (D.M., 1.1. '39)

deur een uit die redaksie, miskien Cornelis Moll die edituur self, peins die outeur oor die kommervolle jare wat verby is, jare van rampe en oorloë. Dan volg heilwense aan die

gouverneur, die regbank, die kerk. Die 'Advertiser' word ook nie vergeet nie.

"Voor de 'Advertiser' zy't een jaar van  
overdenken,  
Der leugens die hy reeds zo lang heeft voor  
gestaan,"

As die koerant hom nie verbeter nie, dan.

"Dat dit jaar ons voorspell' des Advertisers  
val'.

Die 'Zuid-Afrikaan' word aangespoor om vrede tussen alle seksies van die bevolking te bevorder.

Die 'Meditator' moet aanhou op die ingeslae weg. Aan die einde volg 'n Nuwejaarswens vir elke lid van die maatskappy. (a)

Boniface het die rus en vrede daar nie lank kon hou nie.

Waarskynlik is hy nie onder die beste verstandhouding uit die redaksie getree nie. In Januarie 1839 gee hy 'n nuwe blad

'The Sentinel,' uit wat o.a. 'n weeklikse oorsig of resensie van die koerante aan die Kaap uitgegee, sou bevat. Seker het

Boniface sy pligte nie met handskoene aangepak nie. Van

die begin af vertrou 'De Meditator' die nuwe tydgenoot nie.

Hy het immers die editeur tamelik van naby geken.

*Deur* "DE SCHILDWACHT" (Med., 8.1.39)

word die nuwe blad (van Boniface) gewaarsku om versigtig

op te tree. As 'n reviewer was Boniface te min nugter

bedaard of onpartydig om 'n sukses van sy blad te maak.

"Sentinel wilt gy gebreken  
Van een ander doen verstaan?  
Wacht u dan voor domme streken  
Die zo maklyk zyn begaan,  
En denk atloos by uw razen,

— — — — —  
Het is beter hard geblazen,  
Dan eenmaal den mond verbrand.

So word die blad al gaande op sy moeilike taak gewys.

"Want gy weet daar zyn ook dwazen  
In uw Fransche Vaderland,

— — — — —  
[a) Hollandse Joernalistiek, Ons Land, 8.4.1930. Dr F.C. Bosman]

Die skrywer moet van Cats leer. hoe te werk te gaan.

In "DE SENTINEL" trek Patris weer teen die nuwe blad op en wys op ..... 't kronkelpad'.

Waarop die prullebroer zyn rasse schreden wendt".

Hy is 'n "schender van den naam van elken Afrikaan". En so gaan Patris aan om "THE SENTINEL" in felle woorde te hekel, of liever uit te skel.

Maar hy troos homself weer na die smaad wat "de Veinsaard" hom aangedoen het. Trouens hy het <sup>sy vyand</sup> ~~die~~ in gelyke munt terug-betaal

In

"DE WAARHEID EN DE MEDITATOR" uiter hy sy blydschap en dankbaarheid dat die Waarheid, die bondgenoot van die blad, geseëvier het.

AAN u wydt ik myn zang met vreugd  
niet af te malen,  
Daar ik u in dit oord weldra ziet  
zegepralen.  
Waar blyft de Veinsaard nu, die  
eens ons zo verachte,  
En nu gebrandmerkt staat".....

Die "Meditator" is die blad wat die "Afrikanen" teen skimp en hoon verdedig het, wat vir die belange van die Hollands-sprekendes opgekrom het. Na al die teenstand sou die "Meditator" tog sy man staan en de tyd is naby,  
"Dat gy ontslagen uit des Dwinglands heerschappy,  
Weer even als voorheen,.....  
Gelukkig leven kan....."

Die stryd is egter nog nie oor nie. ~~Die~~ 'Sentinel' antwoord in 'n teen diggie. "Dreadnought".

In

"Zamenspraak" Tusschen Dreadnought en "Patris" moet die aartsvyand dit gedug ontgeld. Vir ons is so'n pennestryd vandag iets waaroor ons verwonderd is.  
Uitdrukkinge "bekende bonte Hond", "snoed karakter", dat

blad zo laag zo klein", "een Ezel vol gebrek" moes dien as "doodgool"-houe.

Die "Meditator" is egter nie versigtig nie en op 'n waaghalsige manier stel hy hom bloot aan kritiek wat blykbaar tot sy val gehelp het. As die blad wat vir die kant van die Trekkerboere opgekom het, verheug hy hom oor die roemryke slag by Bloedrivier na 'n tyd van kommer en hopeloos donker vooruitsigte. Om so'n grootse onderwerp te besing, is egter bokant die vuurmaakplek van die digter. Sy toevlug neem hy dus na die digbundel van Tollens, die groot, geliefde digter van Holland. Die gedig "Herman de Kuyter" verskaf die raamwerk en vorm vir sy onderwerp. As "Originele Poëzy" publiseer die blad.

"DE BOEREN EN DE ZOOLAHS" (Med., 26.2.1839). Nou verbrand die skrywer sy hand so seer dat hy na 'n totaal hopelose poging tot verdediging, die aftog moet blaas en die slagveld gewonne moet gee. 'n Student aan die Z.A. Athenaeum herinner hom dat hy die gediggie in vroeër jare erens anders gelees het. Tollens word nageslaan, en daar ontdek hy die letterdiewery. In De Ware Afrikaan van 28 Feb. 1839 publiseer die ontdekker die eerste ses verse van "Herman de Ruyter", daaronder ses van "De Boeren en de Zoolahs" vir vergelyking. „Ab uno omne discè”.

Die Meditator is op heterdaad betrap. Wel het hy Tollens se gedig gewysig om by die Afrikaanse saak te pas, maar heelwat reëls is onveranderd oorgeneem. Dat die skrywer hom skuldig gemaak het aan lelike letterdiewery blyk duidelik o.a. uit die swak verdediging. Dis, skaamkwaad skuldiges wat hul saak bepleit in 'n brief deur "Anti-Waanwys" en „Quid te Dicis", in 'n gediggie "De Bediller". Op 'n vermaaklike wyse word hier die spot gedrywe met "een zeker waanwys klant". Sodra die "Schoolmedantjie" die groot ontdekking <sup>van letterdiewery (?)</sup> maak, haas hy hom na

die "Victoria" - pers om die feit bekend te maak. "Come boys, come set it up", 't moet morgen in de krant".

Maar as die lesers dan Tollens naslaan,

"Men las in Tollen niets van  
Stuivende Gezwinden!  
Nog van de "marteling", waar "Flips"  
't belang mee steef".

Hier was nou 'n pragtige geleentheid vir "Sentinel"  
In 'n brief deur, Een Kok en Geen Profeet' dien hy die  
"Meditator" as 't ware die genadeslag toe. (S., 4.3.1839)  
"Met dienzelfden mantel (de mantel der bedriegery en der  
schynheiligheid) hebt gy u bedekt, meester letterdief".  
Oor die saak vind nog 'n kwaai geskryf plaas, 'n brief  
deur "Geen Invalid".

In Antwoord "AAN EEN KOK" ..... (Med., 12.4.'39) moet  
die heer recensent verneem dat "Satires past vooral geen  
vlegel van uw ras". Hy gee hom goeie raad.

"Doch wil maar "lieve" jong 't met u  
geknoei voortrazen,  
Doch zorgt dat jy niet weer, als nu, je  
bek verbrand".

Nog meer van hierdie "haatlykheden" volg. Jammer dat so'n  
groot, glorieryke gebeurtenis as die slag by Bloedrivier nie  
op 'n waardiger manier onder die aandag van die koloniste  
kon gebring word nie.

Albei koerante het egter hul beste pluime in die geveg gelaat.  
So heftig was die stryd dat die "Sentinel" sowel as die Meditator  
kort daarna van die toneel verdwyn het.

Pierre Huet, sterk onder die indruk, van die  
verafrikaansing van Nederlands, versoek in 'n voetnoot  
onderaan die gedig "Vooruitgang", 'n vertaling van 'n  
eie Franse gedig, dat sy spelling "macht" "recht",  
"wellicht", "mocht", "magt", "regt", ens. moet bly.  
A.B., wat die vereenvoudigde spelling reeds gewoon is, voel  
ontevrede dat

"Die kleine bier - en brood papwyzen  
Reeds neerzien of doorluchte gryzen"

dat "Vroegrype vrucht" wil schennen die „asch van Nederlandsch  
wonder". Huet het sy wens in die voetnoot uitgespreek om

"door een noot 't verwyte te ontduiken"

Dat ik de taal onkundig waar".

"AAN A.B." (Z.A., 15.6.'54). Huet antwoord in  
'n hekeldiggie die onbesonne aanval van A.B. Die "doorluchte  
gryzen" wys hom op hul grys hare en verwag daarom eerbied.

"Ja ouderdom, ik wil u eren

-----  
En tegen wit haar zie ik op;  
Maar dan slechts, als u gryze haren  
Voor dwaas - en domheid u bewaren;

-----  
En niet als achter wit en grysheid  
Niets schuilt dan wind en eigen-wysheid.

Huet erken sy jonkheid maar het g'n respek vir kwaadwillige  
grys hare, wat beledig voel as iemand hom op regverdige wyse  
verdedig nie. Hy eindig deur te sê dat hy en A.B. dan vyande  
moet bly as hy, A.B., sleg<sup>2</sup> (dom) is, en nie slegs dwaas is nie.  
Die vyandschap oor die skrywe van g of ch moet in die geval  
maar aanhou. 'n Vermaaklike hekeldiggie vind ons in de Z.A.,  
16.3.'38.

"HET TROUWE POEDELHONDJE" deur V.S.S.

(waarskynlik 'n sekere J.H. Snyman) is 'n hekeldiggie gerig  
teen Pietersen met wie hy in geldelike moeilikhede geraak het.  
Die kwessie is toe deur arbiters besleg teen Snyman ten  
gunste van Pietersen. Hoewel Pietersen geweet het dat hy  
ongelyk had, was hy tog hoogs ingenome met die beslissing.  
Dit laat V.S.S. dink aan 'n trou poedelhondje wat sy meester  
se geldsak moes dra. Hy word deur ander honde aangeval  
en i.p.v. sy meester se eiendom te beskerm,

"Ik zal myn jawoord ook maar knikken  
En stemmen mee gelyk de rest".

De Lima tree ook op as hekelaar. By hom is dit egter nie volksake nie. Daarmee bemoei hy hom nie, of hy wil nie antstoot gee aan die regerende magte nie. Hy hekel sy persoonlike vyande, algemene Kaapse toestande en sakies. As liefhebber van die toneelkuns en ondersteuner en besoeker van die skouburg, publiseer hy in De Verzamelaar van 20.8.1839,

"HET TONEEL OP HET BOERE PLEIN SPREEKT"

deur N.J.L. Met sekerheid kan nie vasgestel word of dit Nicolas Jacobus Ley of Nicolaas Johannes Lotz is nie. N.J. Ley was sekretaris van die Toneellievend Gezelschap. 'Tot Nut en Vermaak.' Hulle berig "dat Commissarissen (uit de acterende Leden)" op bepaalde dae en ure op die Heregrag 31 sal vaceren om Entre Biljetten" uit te deel. a) Dus het Ley 'n werklike belang gehad in die skouburg. Maar hierdie berig verskyn in 1817 toe N.J. Ley sekretaris was.

In 1835 maak die kindergeselskap "Kunst en Smaak" sy verskyning. "Hierdie keer skyn die Lotz famielie daar agter te sit", wat 'n vernaam aandeel in die toneelopvoerings gehad het. Met 'n tweede opvoering van "Abellino Junior" moet intekenaars hul name by N.J. Lotz opgee. b) De Lima gee ook sy medewerking. Dis natuurlik dan dat N.J. Lotz sou geprotesteer het teen die sluiting, en verandering in 'n kerk, van die Afrikaanse Skouburg, en dat hy sy protes in De Lima se blad sou gepubliseer het. De Lima self is te versigtig of te onderdanig en vroom om openlik die verandering

[a) Drama en Toneel in S.A., Dr F.C.L. Bosman, p. 161  
(b) D. en T. in S.A., P. 270, 273, 274.]

van die skouburg op die Boereplein af te keur. N.J.L.  
is verbaas selfs verontwaardig dat 'n komediehuis,  
'n plek waar eers "fratse uitgehaal is, nou verander  
is in 'n kapel" waar gepreek word.

"Ik houd van bidden en van danken  
Ik min.....  
Niet hem die met onnutte klanken"  
Zyn hart en ziel aan valsheid bindt"

Hy "min die leeraar zonder schyn" maar

"Wat kan Chrispyn, ik bid u, leeren  
Dan dat men laars of Schoenen lapt."

Chrispyn! - - - - -

Die toneel tog het ook sy nut.

"Maar ach myn kaars is uitgebrand  
Ik moet het dus maar later blyven."

-----  
Waar eertyds stond een C(omedian) t  
Zag ik, ei wat? een P(redikan) t".

De Lima self prys die vertoning van die toneelstuk

"GUSTAVUS of de Zweedsche Mynwerker"

in die Kaapsche Schouwburg by die publiek aan. (De  
Verzamelaar, 31.8.1847.)

Hy aarsel nie die spot te drywe met sy  
persoonlike vyande of teenstanders nie. Soms trek hy  
heftig tevelde teen hulle in 'n fyn spottende gediggie  
of 'n fel satiere

In

"LIED" is dit 'n kruidenier v(an) d(er)  
S(puy)? wat moet deurloop (DeV., 24.9.'39). Asinus wat  
skimpskrifte teen die Zuid Afrikaansche Zending  
Genootskap geskrywe het, word deur van VYVEN daaraan  
herinner : in

"AAN ASINUS" (DeV., 19.11.'39)

dat Asinus esel beteken en dat dit vir hom beter sal wees  
om hom by die verkoop van vis, teer en traan en sy ander  
handelsake te bepaal.

De Lima word deur Jan Hendrik Lezar aangerand.  
Lezar word voor die hof gedaag en beboet. Boonop vrywe  
de Lima hom dit goed onder die neus.

In

"DAVID EN GOLIATH" (DeV., 26.11.'39)

of in

"EEN RAADSEL" (DeV., 10.12.'39)

spot hy met Lezar as 'n straat-babbelaar, 'n hopelose vent  
wat selfs bankrot was.

Ik kibbel keuvel lach en praat  
"Op elken hoek van elken straat".

Of weer

"Wind verkoper,  
Stratenloper".

Traanbereider.  
Leugenspreider  
Herbergier  
Kruidenier, ens. ens.-----",

'n ware, „Jan van alle markten thuis.”

Egte humor spreek in.

DE BESTRAFFER BESTRAFT (DeV., 28.8.'40). Die  
predikant wat ander oor woekerwins bestraf, lewer self

preke wat g'n "veertig duiten" werd is nie.

De Lima klaag in "LIED" (DeV., 10.11.'40) dat die drukkery baie geld kos en versoek sy kliënte om agterstallige rekeninge te vereffen. Hy versoek sy buurman tog nie sy hoenders met klippe te gooi nie, die buurskap en vriendskap op te hou. "VAN MYN BUURMAN. (DeV., 30.4.44), of klaag oor 'n ou koets wat verwaarloos en verplenter in weer en wind op die Boereplein staan.

Ook die stadsake geniet sy aandag. Hy gaan vir 'n wandeling deur die stad.

"Hier ziet men een vennoot slapen  
D'Ander in den winkel staan  
En terwyl men d'een ziet gapen;  
Moet de ander werken gaan.

-----  
De een wil door 't verster loeren  
Praat met vrouw en meid en knecht".

(uit OP DE MAATSCHAPPYEN ONZER EEUW (DeV., 12.11.'39).

Hy sien straatslypers met onbetaalde klere aan en waarsku teen die gevare van die kredietstelsel. Kantore en banke wat oop is op Ou-en Nuwejaarsdae, wek sy misnoeë. (DeV., 7:1:'45).

Die swaan word uit die Lutherse kerk geneem en <sup>êrens</sup> in die konsistorie geberg. Dit lei tot twis in die gemeente. De Lima versoek dat dit weer op sy plek geplaas moet word en dat so die verskil uit die weg geruim word.

'n Sekere van Wyk, 'n spekulateur, kom met 'n trop slagvee na die stad. Die slagters wil hom nie sy prys betaal vir die skape nie. Hy slag hulle self, verkoop die vleis goedkoper as die ander slagters en so kom daar 'n daling in die prys van die nodige artikel.

Dit laat de Lima die wens plaas

"HAD VAN WYK MAAR ALTOOS SCHAPEN". Die Slagters antwoord met 'n teengedigie en so volg daar 'n reeks oor die saak ("DE Verzamelaar", Feb. 1844).

Die magistraatshof word besoek; die verskillende

tiepes word beskrywe op 'n grappige manier maar aan noukeurige tekening ontbreek dit.

In die vlug sien hy pratende vroue, agente, papiere, dokumente en gaan dan oor om aanmerkings te maak op sekere bekende persone.

EEN UITSTAPJE NAAR 'T MAGISTRAATSHOF  
(DeV., 26.11.'39).

By die eerste verkiesing van lede vir die Stadsraad, word die kiesers aangeraai om tog "Zuid-Afrikanen" en nie vreemdelinge te kies nie, manne wat die belange van die stad sal behartig. Suid-Afrika Eerste!

(DE MUNICIPALITEIT deur S.D.L., DeV., Dec. 1839)

Blykbaar is die eerste stadsraad nie vir hulle taak opgewasse nie. Daar is te veel base. Daar behoort een man aan die hoof van sake wees.

"ORDE EN VRYHEID" (DeV., 22.12.'40). Die Verskillende sake aan die poliesie kantoor op 'n goeie dag word beskrywe. Onder andere het die een te vinnig deur die strate gery. (Destyds had hul ook reeds moeilikheid met die "road hogs"! ) 'n Ander weer het toegelaat dat die eendjies in die watervoor mors.

EEN UITSTAPJE NAAR DE REGTZAAL VAN POLITIE  
(DeV., 17.12.'44)

Ter geleentheid van 'n eetmaal, is daar een gas wat 'n besonder goeie eetlus het en koek en lekkernye in sy sak steek.

'n Ander steel 'n suikerbrood, steek dit onder sy keil weg, maar in St. Georgestraat waai die wind sy keil af en die suikerbrood lê op die grond. (DeV., 14.10'45)

'n Gediggie

"DE HARDE WEG" (DeV., 2.1.1844), onderteken "AMAZONE" hekel die besluit om 'n hardepad oor die Kaapse Vlaktes te maak as 'n onmoontlike plan. Dit sou net geldverkwisting wees, waaronder die arme belasting betaler sou

moet ly. Die Suidooste-wind sou die jong boompies wat langs die pad geplant moes word om dit te beskerm, net omwaai en toewaai onder die sand. Die gediggies van de Lima gee ons 'n helder insig in die daelikse rustige lewe van die Kaapstad, met die klein (petty) verskilletjies wat die aandag van die bewoners in beslag geneem het.

Van suiwer historiese aard is "DE BOEREN EN DE ZOOLAHS" Die oorwinning van die Boere oor Dingaan word hier besing na die voorbeeld van Tollens.

Met die anneksasie van Natal in 1843 spreek K. sy tevredenheid uit dat die Engelse regering hom oor die Boere ontferm en Port Natal annekseer het. Die waarheid seëvier "trottsch Philipynsch Gediert". Hier spreek 'n bietjie meer krag as in die meeste van de Lima se werk. ("PORT NATAL" De V. 16.5.1843) In "DE UITGEWEKENEN van PORT NATAL", 'n parodie op Gysbrecht van Amstel se alleenspraak deur Vondel, behandel de Lima die lotgevalle van die Boere aan die oostelike grense, hulle trek na Port Natal met die mee-gaande gebeurtenisse, en spreek hy sy genoë uit dat hulle tog eindelijk 'n rusoord gevind het.

Twee grappige hekeldiggies oor plaaslike sake verskyn in die Meditator van 23 Januarie, en 6 Februarie, 1838.

"DE ZONDAGS ONDONNANTIE" word bespreek. Die skrywer is ontevrede dat die mense nie op Sondag vars brood, vleis, vis en ander benodighede mag koop nie.

"Wat gaf Oudbrood aan vrouw en man  
Dat olifanten eten kan.  
Wat schenkt ons Zondags ter gebruik  
Vleesch dat van verschheid lekker ruik".

'n Groepie Methodiste hou 'n byeenkoms op die Parade, maar die gepeupel is die byeenkoms nie vrindelik gesind nie. Onder ander kom daar 'n klomp matrose wat moeilikheid veroorsaak. Die poliesie moet later optree en die

byeenkoms opbreek. Op 'n grappige manier (hoewel heel kort) word die "Preekers" beskrywe. Daar was o.a. "Een kaalkop van een predikant, die kleren ook kan maaken".  
(OP HET PARADE PLEIN.)

---

*Van die ... beheldde (part)  
in die ...*

### HOOFSTUK III.

#### GODSDIENSTIGE GEDIGGIES.

Die strekking van hierdie verse is lof aan God en vermaning en lering van die sondige mens. Hier het Borchers en de Lima die vernaamste gelewer. Veral Borchers het sy beste op die gebied van poësie in die vorm van leerdigte voorgebring. SO'n leerdig is bv. "DE MAAN". In die N.Z.A.T. van 1824 plaas hy 'n vry bemerking,

#### "CHINEESCHE ODE"

waarin die riviertjie as 'n mooi natuur-beeld gebruik word. Soos die water die bome se wortels nat maak en verfris,

"Mild helder schoon bekoorlyk, rein en zacht,  
Verspreidt het groei en bloei en  
levenskracht",

so ook die Vors.

Behendig snydt des kunstenaars vlugge  
hand  
Het elpenbeen en slypt het diamant".

So lok die "beste Prins" die skoonste uit die mens. Hy sal tot in die verste nageslag met roem hêrdink word.

#### "DE LEVENSREIS".

is 'n leërsame resûme van die lewe van die mens en 'n godsdienstige leerdig, saamgevat. Die styl is verhewe en gemaklik. In grootse gedagtes en woorde voer hy ons in die teenwoordigheid van die Almagtige.

"Hoog boven 't hoogste licht en 't helderste  
geflonker,  
Der Hemelbollen, zit 't ongenaakbaar licht,  
Jehovah - op zyn troon".

Daar zit God, ons Ontwerper en Bestierder,  
Geen blad wordt omgeslaan dan door zyn  
"eigen hand".

Borchers dink terug oor sy lewensreis, en wil vir sy tydgenote die klippe en strikke wys waar die lewensskip 'n wrak kan word. Hy spreek die bede uit dat die gees

hom moet inspireer om sy onderwerp helder voor te stel, te behandel.

EERSTE STUKKIE.

God het die mens geskape en eis van hom rekenskap. Sy Seun het God gestuur om boete te doen vir die mens se sonde. Elke mens was eers 'n huilende kindjie. Miskien het hy 'n voorgevoel reeds van wat hom in die lewe wag. Maar die Regter steun, troos en droog sy trane. Almal wens die kind 'n blye welkom toe. Dog baie kinders sterwe na die eerste jaar van hul geboorte. Waarom? vra die digter.

O'Schoone Maagdenstoet, O blyde jongling-  
schaar,  
Verheugt verblydt u dan -----  
Doch, eenmaal zeker, zal ook ons het graf  
verslinden".

TWEDE STUKKIE.

Die kind is nou die jongmensjare ingetree, die "lente van het leven"; wees bly maar dink aan u Skepper. "Het leven is een droom, de dood wenkt ieder uur", Pas op! vir die kwade.

Nou slaan Ds. Borchersds oor to 'n eenvoudige storie op rym van sy vriend Orestes wat na 'n stad gegaan het om kennis te versamel.

Hierdie verhaaltrant van Ds. Borchersds, waar hy "in lewende lywe", voor die leserte staan kom, bederwe meeste van sy anders verdienstelike gediggies. Orestes word verlei en word 'n dronklap. Amalia 'n mooi, veelbelowende jongdame, word deur 'n eersugtige moeder op die danssale gebring. 'n Skurk verlei haar.

Hy "Gejaagd als Kain door de felle geessel-  
slagen  
----- Zwerft langs berg en bosch en dal".

Amalia sterwe, ook haar vader, sy deur "schaamt", "hy door hartzeer". Die verleier pleeg selfmoord. Nogal

sensasioneel.

Maar Ds. Borchards het ook gelukkige egpare gesien. Hy moet egter waarsku teen die onmatige gebruik van sterk drank op die bruilofsfeeste. Die onnense het altyd orde gehou en vermaan; die jong getroude paartjie moet hul gesamentlike lewensreis aanvaar.

#### DERDE STUKKIE.

Net soos die sierlike, kragtige bome van 'n pitjie kom, so ook die mens, "en nimmer egter mogt (men) ontdekken hoe het kwam, noch door wat wondre wegen". Hy sien manne wat op die oorlogsveld na roem en eer strewe - "het is een held". "Hy moet roemryk sterven, sterven of zeggpralen". So het die hertog van Wellington geveg. Hulle is "de zuilen van de staat".

Ander jongmense sien hy kniel op die drumpel van Minervas temple. Die een is 'n dokter, die ander leraar, 'n ander regsgeleerde. Almal is besig soos fluks bye. Maar nie almal is slim nie. Elkeen het sy plek op aarde, sy pligte, sy gawes waarvoor hy dankbaar moet wees.

#### VIERDE STUKKIE:

Aan die Welbedaagde Reisgenoten:

"Haast ziet het oog niet meer, het slyt gedurig af" (Hoe kan dit?) Hy kan nie meer goed hoor nie. "En de achtbre Grysheid dekt-het hoofd als met een kroon van zilvren haren" (Hierdie is swak gesien, en 'n onegte beeld). Rimpels in die gesig, die bene word swak. Die hele beskrywing van die Grysaard tref 'n mens as uiters onbeholpe en sukkelend. Beter simile vir die ouderdomstaat is:

"Als de avondschemering, die heengaat voor den nacht".

Dan bring die oumens roem en dank aan God.

"Maar zondaar, zuivert eerst uw na te laten schat".

Gee aan elkeen wat hom toekom. Die Vrek sal net so arm in die graf gaan as sy skuldenare. Die man wat sy bediendes mishandel het, moet ook van sy dade rekenskap gee. Oral moet mense probeer die trane van diensbares te droog. As die grysaard dan sy tyd sien nader, moet hy alle aardse bande ontbind. Met 'n mooi beeld eindig die digter

"Gelyk wanneer een schip den haven nadren ziet,  
De wyze stuurman, dan, de scheeps-lien dan  
gebiedt  
De zeilen nu voorzichtig in te binden".

Die wyse Leidsman vat sy hand en bring hom veilig in die hawe.

"Elk by het eind der reis, met zyne gunst  
bekroont". (N.Z.A.T., 1826, 1827)

Lucretias Bede om een Echtgenoot" (N.Z.A.T.) is die smeek-  
versoek van 'n ryk jong dame, van wie "gezondheid speelt  
in 't oog, de schoonheid op de wangen, een vol en vrolyk  
hart-----"

Dan ach! ik zie helaas! hoe ook van  
jaar tot jaar,  
Myn staat wordt blootgesteld aan 'n zorgelykst gevaar:  
----- een stoet van daar'le jongelingen.  
een droom van vleyers....."

Lucretia bid dat God haar 'n waardige eggenoot moet skink;  
geen "Godsdienst-spotter, losbol of zorgelooze verkwister",  
maar 'n "brave man" soos haar vader was. Sy sal dan haar  
bruiloffees blymoedig en dankbaar vier

"En mynes Heeren hoofd, als zyne kroon  
versieren".

E.D.P. <sup>Dr. Borchers,</sup> eindig 'n preek, "Troostgronden voor stervende Christenen"  
(N.Z.A.T., 1826), met 'n godig wat sinspeel op die kruiswoorde  
van Christus. Die sondaar hyg na verlossing van sonde en  
die dood, smee dat hy in die Paradys genadiglik mag opgeneem  
word. Hy hoor die blye boodskap: Voorwaar ik zeg U, heden

zult gy met my in het Paradys zyn.

In die trant van Ps. 42 beskrywe hy die dors van die mens se siel na Gods Liefde.

"Een hert dat moe en mat, dwaalt door  
de wouden heen,  
Door zandige en dorre velden loopt,  
Hygt na 'den bron, waarvan 't is weggedwaald,  
En stilt zyn dorst, als het dien bron bereikt,  
Zoo dorst my naar de stroomen uwer Liefde".

In die laaste uur wil hy sterwend nog glo "het is volbragt"  
en as vrome Christen beveel hy sy gees in die hande van  
die Vader.

"God riep my tot aanwezigheid  
Zyn doel moet Godlyk wezen".

In sy soort, is hierdie voorgaande as vrome uiting van  
'n godvrugtige gemoed goed geslaag en van 'n hoër  
kunsgehalte as baie van die gesangverse in gebruik in  
die Hollandse gesangbundel.

In sy Nieuwe Dichtbundel publiseer de Lima ook 'n reeks  
godsdienstige leer- of lofdiggies waaruit die vrome hart  
en oortuiging van die digter spreek. "AAN MYN BYBEL"  
spreek sy hoë agting, en gehegtheid aan Gods Woord uit.  
Gods heerlikheid en Almag prys hy in "GODS GROOTHEID".  
Hy het seker dikwels in die môre die sonsopgang bewonder.

"In den gulden morgenstond,  
Als de zon haar glans verkondt,  
Door den Aardbol te verlichten,  
-----  
Dan geniet het hart in blyheid  
-----  
Louter vreugde en geluk;"

Die eikeboom wat afgekap word as hy doodgaan. Die  
Olyfboom, die beeld van vrede, alles wat op aarde lewe,  
is bewys van God se Liefde en Almag.

"LOFLIED AAN GOD" is 'n ander uiting van lof en eer  
aan die Opperwese.

Verder vind ons 'n reeks godsdienstige "Mengel dichten", in verband met die openbare erediens of gebeurtenisse met betrekking tot die godsdiens. Die inhoud is suiwer, lof en dankuitinge, eer aan God. So word in 'n godsdienstige trant besing die Inwyding van Het Hernieuwde Godsdienst-Gesticht in Kaapstad; die "Herstel van Het Hervormde Kerkgebou", die edelmoedige geskenk van 'n nuwe orrel aan die Kaapse Kerk deur die heer J. Hoets.

In verskillende tydskrifte verskyn heelwat gediggies van 'n min of meer godsdienstige strekking, leerdiggies deur onbekende Kaapse skrywers of van Nederlandse outeurs afkomstig. Die jongmense word deur S. geraai om hul nie so te bepeins oor hulle toekomstige lewensgesellinne nie, maar te wag op Gods leiding en beskikking, soos in die tyd van Luther. ["DE MENSCH WIKT GOD BESCHIKT (S) DeZ.A., 9.5.1850]

"Als iemand wordt de macht gegeven  
Om door zachtheid goed te doen  
Waarom zou hy dan niet streven  
Om dien aanleg wel te voe'n?"

Die mens moet strewe om wel te doen.

"Dat gevoel is zacht en zalig,  
"Dat de glimlach doet ontstaan  
Op den mond, die pynlik stil zwygt",

["WELDOEN" (S) "DE Z.A., 27.5.'50]

De Lima het ook 'n verdienstelike poging aangewend om Bybelstof in digvorm om te skep. Die Skeppingsgeskiedenis tref hom as geskikte onderwerp vir sy digterstalent. Sy digkundige proef van Gen. I, II, en III lees maklik en is goed geslaag. Op 'n eenvoudige eerbiedige wyse pak hy die beryming aan. Luister maar na die aanvang:

"Het was in den begin, dat God so hoog van waarde  
Skiep uit het louter niets den Hemel en de aarde.  
De Aarde nu was woest, en ledig wyd en zrd  
Er was op haar alleen de duisternis verspreid".

In die II-de "kapittel" lees ons:

Dit is des hemels en der aards geboortenis  
-----

Nooit had een regenvlaag gezegend de landouwen,  
Geen mensch was er geweest-----"

-----  
God skiep de mens uit stof en aarde tevens,  
En blies hem door de neus, de ademing des levens;  
Zo werd de mensch een ziel .-----"

Dan gaan hy verder aan die lotgevalle van Adam en Eva in die Paradys te beskrywe, hoe Eva deur die slang verlei is en Adam ook tot val gebring het. Adam en Eva word uit die Paradys verdrywe, die slang word vervloek.

Hy hou hom egter so na as moontlik aan die woorde en verhaal van die Bybel. Daar kom min oorspronklik in voor.

Na die voorbeeld van J.B. Rousseau verwerk de Lima ook Ps 94, 14, 75 en 145. In 'n hele reeks kort gediggies tree de Lima op as die leermeester van sy samelewing. Veral word hulle aangeraai om geen skuld te maak deur op krediet te koop of uitstel te gee nie. Hyself het tog veel moeilikheid deur uitstaande gelde en skulde te verduur gehad. Dan vra hy almal om die vrede te bewaar. Alweer het hy die teenoorgestelde ondervind. In "DRUKKENDE VOORLEZER" word Chrispyn weer aangeraai deur S.T. om hom by sy drukwerk te bepaal. Hy hoort nie op die trap van die Kerk op die Boereplein nie. (De V., 2.7.1844)

"LEVENSSELUK" deur Genoeg is te Veel (De Z.A., 28.8.1841)  
spreek die geluk wat op geslote is in tevredenheid, uit:

"Och wat waar het schoon op aarde  
En wat zou het rustig zyn  
-----  
Als wy nooit elkaar benyden  
-----  
Om een titel of een lintje."

Die een wil meer geld hê hoeweel hy genoeg het om van te  
lewe, 'n ander het 'n groot huisgesin, maar wou nog  
"bedienden in livrei" hê. Weer 'n ander kritiseer die  
ryke se besoek van die skouburg en konserte maar

"Hadt gy slechts wat meerder guldens  
Wis gy naamt er t uwe van,  
En gy zoudt zoo fel niet smalen  
-----  
Laat ons bly en eerlyk wandlen  
't Zy we hoog of lager staan,  
En een dag vol ziele vrede  
Breekt er in ons hart eens aan"

Hier merk ons weer Afrikaanse invloed in  
"Laat ons bly en eerlyk wandlen".

Baie ander gediggies eindig dikwels met 'n sedelessie.

~~Hoofstuk IV~~  
LIERIESE EN BESKRYWENDE POËSIE.

Soos reeds gesê, verskyn heelwat gedigte oor natuur-  
onderwerpe, maar daar is 'n totale gemis aan noukeurige  
ontleding, of aan die uitdrukking van egte suiwergevoelde  
ontroering deur die natuur <sup>of gewoel</sup> teweegbring. As 'n digter  
'n natuur-diggie probeer skrywe, is dit kompleet of  
hy kruppel gaan aan gedagte. Hy hakkell, sluk en nog  
'n maal, gryp hier, los daar en dwaal later sover af dat  
hy ~~later~~ totaal vergeet dat hy oor die natuur skrywe. Dis  
alte makliker om oor die godsdienst te praat of om eenvoudige  
mense die sedewette en maatskaplike reëls uit te lê en

daaroor byna tot vervelens toe te redeneer en te moraliseer. En in hierdie trant het hulle sulke goeie voorbeelde gehad aan die Hollandse skrywers. Lees maar De Gods Akker, Het Menschelyk Leven, gedigte van Nederlandse skrywers in die N.Z.A.T. van 1839, en 1840 en u sal sien waar ons Afrikaanse skrywers hulle voorbeelde gekry het en die aard daarvan. Die groot Engelse of Duitse natuurdigters oefen op hul g'n invloed nie selfs nie as hulle gediggies in Nederlands vertaal en daarmee slaag nie.

Hier is Ds. Borchers een van die grootste sondebokke. Hy tog was iemand wat heelwat deur die suidweste gereis het en soveel kennis opgedoen en veel ondervind het van die natuurwondere van die Westelike Provinsie, dien- en plantkundig. Hiervan bewys sy gedig

"DE VOLKPLANTING AAN DE KAAP" (N.Z.A.T., 1832)

By die aanvang hoor ons eers die aloue smeekbede om inspirasie, om begenadiging by die behandeling van 'n onderwerp, "dat zeldzaam is en vreemd te bezingen". Hy gee die leser 'n skimp van waartoe hy instaat is met natuurbeskrywing. Mooi is sy tekening van Leeukop en Leeurug in die volgende reëltjies:

"Alsof een Leeuw in 't groot, den kop  
Verhief en hem (Tafelberg) zyn rug en  
Maan en staart wou wyzen".

Wat volg is eenvoudig 'n beskrywing op rym van die inboorlinge, hulle gewoontes, onsinlikheid en onbeskaaftheid op 'n nugtere verteltrant. En Ds. Borchers sug selfs oor die mens in sy bedorwe, sondige natuurstaat. Die digkuns is egter nie 'n troue gesel nie en moet elkemaal ter hulp geroep word. Ons kry 'n interessante beskrywing van diere van die ruie veld, van 'n olifant en 'n leeu jag deur die Hottentotte, wat nogal realisties voorgestel word.

Vorstelik kom die koning van die diere te voorkomsyn as hy in sy skuilplek gesteur word. Die gedig eindig met die beskrywing van 'n regsgeving en van 'n stamgeveg onder die Hottentotte.

In "FEESTZANG" deur Dr. Changuion (DE Z.A., 16.3.1846) wat eintlik 'n geleentheids-gedig is by die onthaal van die bestuur van die Landboukundige Genootskap, is weer die sukkelry. Eers kielie hy homself, dan stryk hy die snare van die "citer" om daaruit "een juichend feestlied", zang en snarenspeel te voorskyn te bring. Hy roem die voortreflikheid van die boer, die gesondheid van die landelike teenoor die stedelike lewe en eindig deur die glase nog 'n maal vol te skink en op die heil van Landbou te klink. Die gees van die gedig is effens oppervlakkig en luidrugtig, die van die feesgenote na die eetmaal met die wyn so hier en daar in die man. Grappig met heelwat verbeelding is.

"DE NOODLOTTIGE ZATURDAG" (N.Z.A.T., 1833)

Dis die skrobdag van die vrou. Sy kry rusie met manlief wat taamlik "henpecked" onder die omstandighede is. As sy hom agternasit, val sy van die trap af en die arme vlugteling ontsnap ternouernood die vuurtang maar,

"Hier leg ik liefst de pen termeer  
Hier moet de kunst (?) bezwyken".

"AFSCHEID AAN KAAPSTAD" deur 'E' besing die deugde van die Kaapse vroue, hul netheid en herbergzaamheid, die Kaap as gesondheidsoord, en roep hom vaarwel toe

"Vaarwel dan gy Kaapstad met uw fraaye  
landsdowen,  
Vrolyk verrukkend, vermakelyk land".

Van Sophiana verskyn twee gediggies "ADIEU AAN MOSTERTBAAI" (DE Z.A., 31.12.'30) en "HET VADERLAND" (DE N.Z.A.T., 1831).

Veral die eersgenoemde is mooi, met gevoel, onskuldig, kinderlik eenvoudig uitgedruk.

" Vaarwel bevallig en aangename dreven,  
van het ryk begolfde strand der nimmer stille zee".

"Sy zal haar voet wellig nooit weer daar druk nie,  
maar aan "het zoet vermaak -- steeds denken".

"Hier drinkt men levenskracht met blydschap  
wolle teugen, (dat) uit de frissche lucht,----"

"De Neger aan zyn haard, kookt hier zyn potje veilig,  
voelt zich gelukkig en is koning in zyn kluis". Die digteres verkies so 'n hut met 'n klein boekerytjie. Daar, onder 'n rietedak slaap sy gerus soos Eva weleer in Eden.

Die tweede is baie swakker omdat die skryfster hierdie onderwerp te groot vind en dus as 't ware in die donker moet rondvoel. Die voorbeeld wat die Nederlandse digter Helmers haar gegee het, het die eenvoudige sangerigheid wat ons in "Adieu" vind, verstik. Sy besing 'n onderwerp wat weg van haar sielsoog is, waarin sy nie meelewe, voel en sien soos in haar vaarwel aan Mostertbaai nie. Hier die natuur in sy veelvuldige afwisselinge, helder in haar geheue met sy totale indruk op haar gemoed, daar die Vaderland wat dowwer word onder die helder strale van 'n Afrikaanse somerson in Stellenbosch. Kenmerkend van die res van die gedig is die lyne:

"My dunkt, de kreet der smart, geslaakt in  
kerkewaaarden,  
Kaatst d'Echo slechts terug, als ons 't  
geween verstikt.  
Gevoeld! zoo waarheid-trouw grootmoedigheid,  
en liefde,  
Haar koesterende gloed heeft in uw ziel verspreid".

Alte duidelik blyk hier weer watter skadelike invloed, trou en liefde vir die 'Vaderland' op die literêre smaak en lieriese uiting van belowende Afrikaanse skrywers gehad het.

"HET GELUKKIG LEVEN" (skrywer onbekend) roem die gelukkige toestand van die persoon wat nie na goud of eer strewe nie; die man wat ver van groot stede onder 'n rietdak huisie lewe wat nie deur Nyd of „onvernoegde beden" sy geluk laat steur nie (N.Z.A.T., 1826)

Dieselfde gedagte vind ons in "EEN GELUKKIG MENS" (deur P. de Groot, Verz., 11.2.1845) egter swakker uitgedruk met 'n steurende "Die"-aanvang by elke versreël. Die lieriese element is byna geheel afwesig en die moralisasie is volgens die styl van de Lima.

Na aanleiding van Reynolds, (the eye is the window of the soul) en Byron (Souls Interpreters, the eyes) verskyn "DE OOGEN" uit die ou landgoed Waterhof in 1850, moontlik van die hand van die eienaar, Nicolaas Hoffmeyr. G'n edelgesteente, hoe skitterend ook, kan vergelyk in prag met die glans van die oë nie.

"Dog veel meer is de glans der oogen  
Hy is de bloesem van de ziel.  
De mens mag daarop veilig bogen  
Zoo hem die bloem ten dele viel".

Die moeder kyk met welgevalle in die oë van haar kindjie. Alleen die liefdeblik van die aangebedene kan liefdedrang bevredig. Die sterwende vader werp 'n liefdeblik op sy bedroefde kinders, 'n blik wat onuitwisbaar op hul geheue afgedruk word. 'n Verdienstelike gediggie word bederwe deur die twyfelagtigheid en onsekerheid van die vraag-vorm waarin dit opgestel is. (De Z.A., 1.7.1850).

"VOORUITGANG" is 'n vertaling deur Pierre Huet van sy eie Franse gediggie. Hy besing die vooruitgang van die tyd, die gebruik van stoom-krag en sy wye omvattende invloed; vryheid, beskawing. As die mens homself sal bestuur, sal die hele wêreld 'n republiek wees. (Z.A., 13.4.1854)

De Lima dink weer terug aan "DE GOEDE OUDE TYDEN".

"Toen had het huis een rietendak, de straat  
was toen niet geplaveid.  
De deur stond enkel op een klink-----"

Aan 'n paar geleerdes is dit oorgelaat om te dink soos  
dit hoort. Die "ryksdaalder" het nog sy waarde gehad en as  
die Boesmans of Kaffers die mense aangeval het, is hulle  
behoorlik gestraf.

Op 'n helder, sonnige môre gaan hy vir 'n wandeling  
langs die "Tafel strande", maar hy neem 'n boek mee. Die  
gevolg is dat hy loop en lees en nou en dan opkyk, iets  
raaks sien, en maar weer aan die lees gaan. Ons kan maklik  
raai wat hy so gesien het, 'n visserskuit wat inkom, die  
uitgestrekte strand, die see. Hy hoor voëltjies sing,  
iemand 'n duiker skiet (die mees waarskynlike bokkie in  
die digte bosse). As hy omdraai, stap hy na die Tuine.  
Daar sien hy 'n menigte plante. Dan dwaal sy gedagte deur  
die somer met sy heerlike vrugte en eindelik bevind hy hom  
aan die "schaam'len disch" met 'n gevoel van tevredenheid  
in die aand van

"EEN ZOMER AAN DE KAAP DE GOEDE HOOP".

In dieselfde trant beskrywe hy "DE LANDMAN" of  
"ZONNESCHYN, NA REGEN" (Nieuwe Gedichten). In die Meditator  
(8.11.1837) verskyn onder die hoof Poezy, waaronder bedoel  
word volgens latere gedigte, oorspronklike verse, 'n  
gediggie wat getuig van goeie siening en gevoelde uiting.  
Waar dit later egter geblyk het dat die digter(s) van die  
Meditator nie geaarsel het om groot land met iemand anders  
se kalwers te probeer ploeg nie, <sup>en dit</sup> bree rieme uit 'n ander  
se vel gesny en as sy eie aan die publiek uitgedeel het,  
twyfel 'n mens sterk aan die oorspronklikheid van hierdie  
gediggie. Latere poginge <sup>party</sup> wat wel origineel is, het nie  
dieselfde standaard bereik tensy plagiaat gepleeg is nie.

Vgl. de Boeren en de Zoolahs. Die skrywer het goeie leiding aan Tollens e.a. te danke gehad.

Die cherubyntjies en serafyntjies word op 'n mooi, eenvoudig kinderlike wyse en heel realisties geteken.

Daar is beweging in die geheel.

In 'n droom sien hy die engeltjies in die hemel, voor die Hemelvoog.

O! hemelsche aangezichtjes,  
De lonkjes, lachjes, lichtjes,  
En straaltes die gy spreidt  
-----"

Veral sien ons duidelik beweging en hoor ons die gesus en sagte swaai-gedruis van die heen en weer vliegende skare engeltjies met stralende glim-laggies op die gesiggies.

„Ei! let hoe bly elk hemelt,  
En waalt en woelt en wemelt,  
Zie ieder, op zyn wys,  
Nu keeren wenden draayen  
Dan tuimelen en zwaaien

-----  
Deez' kromt de wenkbrauw boogjes,  
En staart, met heldre oogjes".

Die wens word uitgespreek dat sy kindertjies eendag almal so gelukkig mag wees. Dan skrik hy uit sy slaap (roes?) wakker.

"O, Dionys....ik wyde u deez klanken,  
..... Voor 't kunstige bedrog".

As die digter meer geluister het na die musiek van sy woorde, sou hy seker nie die wanklank "klank" in sy gedig opgeneem het nie. Maar terwille van die rym moes dit daarin.

Lieriese hoogtes bereik geeneen van hierdie skrywers nie. Volgens hul doel en opvatting moet die digter veral stig en leer, en as die didaktiese pogings dan in mooi-klinkende, rymverse opgestel is, het hul hul doel bereik. Aan 'n ontleding van die musiek van die woorde het hulle blykbaar nooit gedink nie of hul het daar g'n oor voor gehad nie.

GELEENTHEIDSGEDIGGIES.

Onder hierdie rubriek vind ons baie geskrywe. Met die oog op die inhoud en doel van die gediggies, kan 'n mens feitlik g'n kunswaarde by hulle verwag nie, en inderdaad vind ons ook min hier van enige waarde. Dis immers die doel van die skrywer om die persoon of geleentheid in hoogdra-wende of mooi klinkende woorde lof toe te swaai. Na die aard van die saak moet sulke gediggies 'n vooropgesette onderwerp ten doel hê. Die onderwerp moet volens nolens in poësie besing word. Dit spreek vanself dat 'n skrywer nie deur sulke diverse sake kan geïnspireer word nie. Dikwels het die gebeurtenis self nie stof of rede vir inspirasie gegee nie.

Meesal wanneer die mens bly is, ontbreek diepte van gevoel. Die trippelende danssaal, met musiek sonder melodie, die juigende massa ter geleentheid van die oorlogs-verklaring, die vrolike, oppervlakkig babbelende jongman of jongdame, daar kry ons gewoonlik nie hoë kuns, diepte van gevoel nie. Dis alleen wanneer die feite of temas tot sy diepere wese deurgedring het, sy innerlike gevoel raak, daar assosiasies, beelde, sang skep wat trou weergegee word, dat die persoon iets lewer wat innige kunswaarde besit. Nie alle gevoel is kuns nie, maar kuns moet tenminste die uiting van gevoelde gewaarwordinge wees, anders bereik die skrywer tegniese hoogtes waar die kuns ontbreek, blote intellektuele maakwerk.

Die meeste gediggies van hierdie soort behandel een of ander geskiedkundige gebeurtenis of persoon. Hulle bevat dan ook 'n opsomming van die feite in verband met die gebeurtenis, of die goeie hoedanighede van die persone word aangehaal, sake wat met die kuns weinig te doen het. Dan meesal is daar 'n oppervlakkigheid en oordrewe selfs

bombastiese gesogte taal wat sulke verse prulwerk maak.

'n Goeie voorbeeld, "Festzang" van Dr. Changuion, is reeds in 'n ander verband bespreek.

Lees ons die twee digbundeltjies van de Lima deur dan tref dit al dadelik hoe die skrywer veral 'n voorliefde vir hierdie genre gehad het. Hy het 'n groot mate van behendigheid in die tegniek van die digkuns behaal, en van hierdie vernuf maak hy goed gebruik. Die meeste van sy gediggies kan as geleentheids-versies bestempel word. Maar die betreklik nietige sakies waarop hy gedig het, kon hom onmoontlik iets goeds aan die pen ontlok het. Sy veelvuldige skepping van hierdie soort bring ons daartoe hom feitlik as 'n rymelaar te bestempel.

Een van die beste van sy reeks geleentheidsgediggies, onder verskillende tities, is seker

"AAN DEN ASCH VAN DEN GROOTEN NAPOLEON"

Hier het hy werklik in die gees gestaan by die graf van 'n reuse-figuur in die geskiedenis, iemand vir wie hy 'n groot eerbied en agting toegedra het. Hy het tenminste die groot Veldheer en Keiser g'n ernstige oneer aangedaan met sy poging nie, al het hy aan die anderkant hom miskien nie reg laat geskied nie.

Gy, gy hebt twintig jaar in 'n somber graf  
gelegen,  
En Frankryk heeft zyn lust op laatst  
zyn wensch verkregen;  
Men brengt van Sint Heleen, van d'  
aakligen rots,  
Te midden van de zee, en van diens golf  
geklots,  
Het stoffig overschot van hem....."

Dan soek hy Napoleonse gelyke onder die grootmanne van ander volke maar vind geeneen wat teen hom kan opweeg nie.

"Zyn asch, zyn overschot, zal Frankryks  
grond omvatten.

-----  
Dat overschot zal -----  
Met eerbied aangebeen in 't graf der eere rusten  
Het is het graf des Volks, het graf van den  
Soldaat;  
-----

Stort, wie ge ook zy een traan, HIER  
LIGT NAPOLEON".

Maar hierdie laaste reëltjie toon hoe gering die egte gevoel egter by die skrywer was. Wie tog sal by die graf van so'n dapper kryggenie huil? Dit strook ook nie met die voorgaande nie. Napoleon self sou die traan met minagting of verontwaardiging aanskou het. Die meeste ander gediggies uit die bundel kan as geleentheidsverse bestempel word en is van g'n <sup>letterkundige</sup> kunswaarde nie.

Onder 'Vaderlandsche Zangen' vind ons o.m. verse gewy aan die Koning der Nederlanden, die Kroonprins, De Hollandse Taal, De Slag by Palenbang, Van Speyk, By Gelegenheid dat op de Kaapsche Reede zeven Hollandsche Schepen Lagen, ens.

Die volgende lyne gee presies weer daardie Jan Salie-gees, waaraan Holland gely het en wat de Lima probeer in ent het in de letterkunde van die Kaap:

"O Holland! helden plek der braven,  
't Is daar waar men den geest kan laven,

-----  
't Is daar waar liefde, deugd en zeden  
Verdraagzaam met elkander treden".

Onder "Lykdichten" vind ons o.a. Op den dood van \*August von Kotzebue, By het afsterven van den Heer Anton Anreith, Grafschrift op een Jong Kind, Op den dood van Mr. Rhyavis Feith.

Ook onder die "Mengeldichten" is daar wat geleentheidsverse is. "AAN DE BELLONA" is 'n loflied aan die skip waarin die Prins van Oranje die Kaap die Goeie Hoop 'n besoek in 1838 gebring het. Ter Verjaring van een Jonge Vriend, By de Opening der Publiek Bibliotheek in 1822 en ander gediggies oor meer algemene onderwerpe vul hier die reeks aan.

'n Goeie tiepe van sy soort is die gediggie "By de

Steenlegging van het Gas-~~Licht~~ Gebouw". Dit is waarlik 'n geleentheids-gedrog, 'n goeie voorbeeld van waartoe gedwonge digwerk die skrywer kan bring; dis hol geklank van die ergste soort.

Zou men zich hier niet verblyden!  
Dichtkunst, u geen tuiltje wyden!

Watter onreg doen de Lima die "edele dichtkunst" hier nie aan nie! Luister na die volgende vers:

"Daar waar Wetenschappen wonen,  
Men den kunstenaar doet loonen,  
En zyn schedel weet te kroonen,  
Daar kreeg men door Scheikunst, Licht;  
Ja een Licht vol glans en luister,  
Dat ontwoekerd aan diens kluister,  
Helder schynt door 't akelig duister  
Zelfs voor zyn schaduw zwicht".

Hier waar men zoo Bloem als Planten  
Schitt'ren ziet van alle kanten  
Als de trouwste heil trawanten  
Van den grond by Zuid-pools As,

So gaan die gedig aan op 'n smakelose wyse sonder betekenis, en eindig dan op 'n hopelose manier met 'n onpaslike sedelessie:

"Moog men zich aan braafheid boeijen

-----  
En door Godsdienst en vermoogen  
Blyve Riebeekstad in EER".

(De V., 7.10.1845)

Van 'n gelyksoortige aard verskyn nog baie in die Verzemelaar wat as geleentheidsgediggies kan beskou word maar net so goed onder hekel- of leerdiggies geplaas kan word.

Ter geleentheid van 'n moordanslag op koningin Victoria in 1840 verskyn 'n vertaling van "LINES" waarin die blom as 'n mooi beeld gebruik word vir die koningin. Daar is tog iets verkwikkends, vergeleke met "EEN LIED VOOR DE KONINGIN" (De V., 28.5.1844)

Terloops mag net melding gemaak word van "Op de dood van J.H. von Manger" (De V., 10.5.1844) en "Verzen aan Dr. Wehr

en Gade (De V., 25.10.1842)

P.O.S. plaas "Op het afsterven van Z.M. George IV.  
(Z.A., 1.10.1830). Hy hoor die doodsklokke lui.

"Het luchtruim loeit! hoor 't naar gebron  
Des doodskloks van het heiligdom  
In London's oude muren".

Hy besef egter die moeilikheid en sy onmag om die gebeurtenis  
op 'n waardige wyse af te sluit. "Uw zwakke luit vermag dit  
niet". Hy eindig deur sy "lier met floersjes om de randen"  
te behang hoewel hy nog niks gesê het nie.

In die Meditator 13.3.1838 verskyn nog "LOF van Hamilton Ross  
en Breda" deur IONA. Heelbaarskynlik onder vreemde invloed,  
is dit in 'n mooi sangerige trant gedig ter ere van Ross en  
Michiel van Breda, lede van die Wetgewende Vergadering wat  
teen die Sondag-ordannansie geywer het. Die versmaat laat  
'n mens plek plek aan Shelleys Cloud" of Perks "Iris" dink.

Welkomsgroete aan Prins Hendrik uit Kaapstad en uit  
Stellenbosch, (Med., 22.5.1838) en "Het Nieuwe Jaar"  
(M., 1.1.1839) laasgenoemde wat onder hekeldiggies reeds  
bespreek is) maak die reeks uit wat in genoemde blad verskyn  
het. Met die 70ste verjaarsdag van sy vader, is Filius,  
Senior so met dankbaarheid vervul dat hy sy vader in 'n  
gevoelvolle gediggie die beste seenwense toespreek. Hier  
mag hy nie stilbly nie maar

'k Wil dan kunsteloos en zonder zwier van  
woorden  
Des harten tolke zyn -----"

Hy wens alleen "hartelyk" te wees

Waarom zou men voor schoon en edel moeten  
zwichten,-  
Daar schoone taal veelal niets is, dan loutre  
skyn".

Teveel het die skrywers probeer iets sê in 'n "schoone taal"  
wat werklik daar niks in had selfs nie eers "schoone taal"  
nie. Regtig het ons in baie gevalle "loutre schyn". Die  
egte kunstenaar is daar nie.

GEMENGDE GEDIGGIES.

Baie gediggies van skrywers in Nederland is oorgeneem in die Suidafrikaanse tydskrifte. Party is onderteken, ander nie. Dit kan dus nie altyd maklik vasgestel word of die bydrae Afrikaanse of Nederlandse is nie. Vir 'n geruime tyd na 1806 moes daar nog sterk bande tussen die Nederlande en die Kaap gewees het. Die koloniste is gedurig herinner aan hulle verwantskap met Holland deur Vaderlandsliewende outeurs. Ten gevolge van verdrukking, deur en ontevredenheid met die Engelse regering, het hulle baie van hulle griewe teen die land van hul oorsprong vergeet. Dat hulle nog 'n gevoel van simpatie en liefde had vir Holland, is natuurlik, en aan belangstelling in die lotgevalle van Die Nederlande, in haar stryd met België het dit nie ontbreek nie. Nou en dan verskyn versies van 'n digter oor onderwerpe van algemene aard.

LIEFDE EN VREUGDE (T) (in Z.A., 23.4.1830)

is 'n résumé van die mens se lewe van sy geboorte tot in die graf.

"Het lieve wicht is naauwelyks geboren  
Of vreugde lacht op 't ouderlyk gelaat.

-----  
Die jongeling volgt natuur gelyk zyn vader,  
En ziet en mint, en smaakt de liefde loon".

Die geheel is 'n Godsdienstige bepeinsing met die oë op die lewe hiernamaals gerig. Die ritme is effens onreëlmatig. "MOEDERSMART" deur S. (N.Z.A.T., 1827) beskryf die geboorte van die kind. Die moeder is verheug en voed hom op in liefde. Sy sal alles vir hom opoffer maar as hy groot is, steur hy hom nie meer aan haar wyse raadgewings en vermanings nie maar volg sy eie kop en stort in die verderf.

WAT IS DE WERELD (De V., 1.9.1840) Vir die skrywer is dit 'n plek van sonde en ellende. Die wêreld was 'n paradys

maar nou is dit 'n doolwoestyn. Die wat op die verkeerde pad gaan, moet tol betaal; die ander gaan tolvry deur. Dis 'n huigelares, wat menigeen bedrieg deur vleitaal, 'n gekkehuis, "die voor wyzen spelen wil, weet zelden ergens, van." Die ergste nog is, "dit is 'n Schiedams Vat". In die winter drink Drinkebroer vir die koue, in die somer vir die warmte. Vir allerhande kwale het hy drank nodig. Kortom, daar is voor Drinkebroer

"Geen beter medicyn".  
Maar die vrou se

"Myn man ziet niet in,  
Wat uit de drank ontspruit"

Aan die slot die lessie

Men volge dan het wangedrag  
Van drinkebroer nooit na.

In verband met die opstand van die Suid-Nederlande teen die regering van die Verenigde Nederlande het 'n paar gediggies verskyn in die Zuid-Afrikaan. In "Oproer in Brussel" (Z.A., 1831) betreur H.J.E. die opstand in die hoofstad van die Zuide teen die Koning. Die Belge word daaraan herinner dat die Huis van Oranje hul bevry het van vreemde dwinglandy. Hy kan nie glo dat 'n Belg tot soiets instaat kan wees nie. Dit moet die "zoon des afgronds" wees wat die Belg,

"Die Godsdienst, Vryheid, naam en welvaart,  
Door Willems sचेpter wedervond",

so mislei het.

Eentonig word die herhaling van vrae en antwoorde. Heelwat versreels begin met "zou, hy", "wilt gy", "Hy die". Partykeer klink die versreëls ru en hard sonder musiek:

"Heeft weer de hel haar gruwbre zaden  
Op ons geliefkoosd erf gebráakt

-----  
Smeekt God dat Hy uw oog verlichte,  
Daát 't vuur reeds om uw schedel blaakt.  
Een stap nog - en gy zyt verloven.

Die dapper optree van Generaal Chasse aan die hoof van die Hollandse troepe word geroem in "Chasse" (Z.A., 18.3.'31). Die Nederlanders is trots op hul moedige generaal wat die bloed van die Hollanders in die opstand, gewreek het.

"Wy zingen met het leger mee,  
Vivat Papa Chasse".

Die Belge volhard in die stryd. As die Noorde doeltreffende maatreels neem om die Suide tot onderwerping te dwing, tree die Moonthede tussenbei en dwing die Noorde die onafhanklikheid te erken van België. Soos te verstaan is, het dit die eerste jare nie te maklik gegaan nie. Die jong selfstandige Staat moes op die been kom, moes kruip en leer loop. Die Noorde het hieroor gelag om Haar eie staatkundige nederlaag te vergeet. Haar druiwe was suur. So'n kwaad verlee<sup>d</sup> vermakerige toon merk ons op in "STAATKUNDIGE AANMERKINGEN van een BELGISCHEN SCHOOLMEESTER (Z.A., 1837) deur I. Immerzeel, Jun..

Komies is die gediggie op die lotgevalle van die Dey van Algerië en Koning Karel X van Frankryk. Albei moes van hul troon afstand doen.

"Een waayer slag bragt d'een in rouw,  
Een coup d'etat hielp d'anderen in't  
naauw;  
Daarin zyn se onderscheiden".

Die een is swart, dik en vet, die ander skraal en wit. Albei was doof vir reg en vryheid, en moes afstand doen van hul koningskap.

"Maar by het wiss'len van hun lot,  
Bleef d'een en d'ander buiten schot,-  
Dat staat gelyk aan beiden".

Zy doen nadezen, alle twee,  
Als ryksbestuurders niet meer mee".  
(Z.A., 14.1.1831)

In die N.Z.A.T. verskyn baie gediggies oor diverse onderwerpe baie wat nie onderteken is, of waarvan die outeurskap nie duidelik is nie. Reg volgens die styl van Cats herdink

H.K.----- Gz. zy vader. Maar dis meer 'n leerdig waarin die onbedagsame seun indirek gemaan word sy ouers te waardeer en te gehoorsaam (N.Z.A.T., 1826)

'n Ander digter kan nie die versmading van die Nederlandse taal verdra nie.

"Wat drift dringt in myn boezem door  
En jaagt my 't bloed door de ad'ren  
Als 'k Neerlands taal verachten hoor,

So is die Hollandse taal die "puik der talen" vir digterlike uiting.

"Waar zyn zy, die door yd'len waan,  
Vergeefs naar buiten zoeken gaan  
Wat binnen is te vinden".

Hy laat ons dink aan Gezelle se uitings oor die Vlaamse taal. "De Vlaamsche Taal is wonderzoet voor die heur geen geweld en doet". Ander gediggies handel oor "HET BILJARD, TAALKUNDE, GELEERDE TALEN, HET STELSEL VAN LAVOISIER, die besoek van twee naturaliste by 'n predikant, ens.ens.

---

HUMOR IN DIE POÉSIE.

---

Wat 'n mens veral tref in so baie van die hekeldiggies en in ander versies in 'n mindere mate, is die gees van humor wat hom daarin openbaar. Die hekelaars van politieke, maatskaplike of persoonlike sake is daar bewus van watter effektiewe en uitmuntende wapens skerts, spot, sarkasme en ironie in die stryd teen 'n vyand of teenstander is. Die aard van die wapen wissel na die aard van die teenstander of volgens die hand van die stryder. Teen 'n Dr. Philip is dit bitter, skerp verafskuwende sarkasme uit die verontwaardigde gemoed van die koloniste. Teen Graaf Grey of Lord Glenelg toon die skrywer meer teleurgestelde onderdanigheid. Dis sarkasme sonder 'n glimlag, maar liever 'n sug. Die joernaliestieke naywer weer sweep die editeure op tot skeldiggies ru en

fel, uiteraars persoonlik wat vandag als laster sal beskou word. Die kuns van fyn weg spot vind 'n mens veral by de Lima. Hy kan die komiese in 'n situasie sien en geniet. Die skerts is by hom ook soms ru maar meesal is dit 'n kunstige genietbare grappie. Hy terg sy persoon, of hekel op 'n manier wat min aanstoot kan gee. Die Afrikaanse volk het in die loop van die tye 'n smaak aangekweek vir die ligtere, grappige van die lewe. Daar is min mense, laat staan Afrikanders, wat nie die komiese kan raaksien of geniet, of as die geleentheid hom voordoen, sy vriend 'n kool sal stowe nie. Die maatskaplike hekelaars het dit uiteraars doeltreffende en vermaaklik gevind iets of iemand belaglik voor te stel. Dis op 'n meesterlike wyse gedoen sodat die leser partykeer nie kan help self te glimlag nie. 'n Uitstaande kenmerk in iemand of iets lei tot 'n humoristiese karakterisering of tot 'n tekenende bynaam. Immers op die trekpad vermaak die persoon hom ten koste van sy mede-togganger. Om die ontberinge van die tog te vergeet, lag hy, spot of terg hy. Menige uur is deurgebring om die koffieketeltjie oor 'n rookvuurtjie in die oop veld. Die ontwikkelste onder ons sien uit na komiese persone of situasies in 'n drama. Die mens wil tog nie altyd huil of sug nie.

As humoris is de Lima uitstaande onder die skrywers en hy het seker sy beste gelewer in hierdie rigting. Die predikant wat, elke preek voorpraat, berispe ander omdat hulle woekerwins neem, terwyl hyself buite alle verhouding tot die waarde van sy preke, gasie neem.

Hoe het die tyd nie verander nie, se C.v.R.. Jakob het sewe jaar gedien om 'n vrou. Nou is daar honderen die reizen naar het Oosten,

En dienen zeven jaar om van de vrouw te zyn".

Changuion geniet die komiese situasie as manlief, 'n pantoffelheld op Saterdag, hom in 'n onbenydenswaardige toestand bevind, en soos 'n verleë keffer deur die huis dwaal. Selfs die vrome Ds. Borchers geniet die grappige woordestryd tussen Ryntjie, die Jakhals en Langoor, die Ezel (donkie). Ryntjie wil die donkie vlei sodat hy Jakhals se buit vir hom moet dra.

"Maar Nu pryst u het gansche land  
Om uw genie en vlug verstand".  
Esel sien egter wat Jakkals wil;  
" 'k Heb toch geen gekhied ooit begaan  
Hoe zou 'k dan een genie of gestig kunnen  
wezen" (N.Z.A.T., 1826).

Die insameling van agterstallige intekeninga gelde moes vir de Lima heelwat komiese gevalle voorgebring het. Die een het g'n kleingeld nie, meneer moet maar môre kom. 'n Ander is nie tuis nie, 'n derde is bankrot.

Stilletjies het hy gelag op die maaltyd by geleentheid van die fees ter inwyding van die gaslig gebou, as die een of ander gas hom ten oormate te goedge doen het aan die lekkernye.

Dawid en Flip, twee vervelige sangers, wek sy spotlus.

Patril het in die stilligheid 'n nointjie in Breestraat besoek:

"Wel Patril zyt gy aan 'n vryen?  
Lieve meisjes werdt niet kwaad;  
'k Zag hem onlangs binnenglyen  
Ergenooop de Breede Street.  
Zou Patril dan willen trouwen?  
Wie, wie is zyns harts vriendin?  
'K bid wil maar zyn voet beschouwen,  
Daar daar steekt de liefde in (M.L., ~~vrij~~, 2.8.'42)

'n Skoenlapper maak rusie met sy kneg omdat die na die reises toe wil gaan, want ryden doet geen schoorsteen roken".

Die musikante ontvang 'n karige ondersteuning.

As daar o.a. "witte ravens vliegen.

Als geen advocaaten liegen

-----  
Zullen onder Muzikanten  
Ryke stervelingen zyn".

Die egter beskou H.C. as 'n STAAT DER ONMOGELIKHEID  
(De V., 18.10.1842).

By die "Staking van de Zeekronyk" na 'n uitgawe vir die kort tydjie van 84 dae, moet die editeur volgens de Lima, lievers gaan werk, want editeure sonder brein kan tog nie van skrywe lewe nie (De V., 4.4. '43)

'n Sekere jagter spog dat hy so goed kan skiet. Aan sy deur staan geskrywe "Onze baas schiet altoos mis".

'n Ou man kom te sterwe. Sy testament word tevoorskyn gebring.

"Francois gewoon om voor te lezen  
Wat in de nieuwspapieren stond",

erwe vir al sy moeite die oubaas se groen bril.

Met 'n kerkgeleentheid te Stellenbosch in 1837 het die dominee o.a. enige kleurlinbekeerlinge in die kerk gedoop. Hieroor het 'n viertal lidmate aanstoot geneem en uit die kerk geloop. 'Zeloot "is verontwaardigd oor die belediging die agtenswaardige predikant aangedaan. Die ontevredenes het pimmers teen die bevel van die Allerhoogste gehandel, en nou agiteer hulle nog openlik teen die Christelike daad in die koerante

Maar

"Den Ezel kent men aan zyn ooren,  
't Verstand des mensen aan zyn schrift.

-----  
Doch hy verlaat zich op geen wetten  
En wyl 't met hem niet is te pluis  
Laat liever hem ten eersten zetten,  
In 't Kaapstadsche Verbeterhuis.  
(Meditator, 3.4.1838)

Hiermee is dan al die enigsins belangrike stof van die bespreking uitgeput. Wel tref ons nog bydrae in een of ander Engelse blad, bv. die "South African Chronicle", maar die is meesal oorgeneem van Nederlandse skrywers van minderwaardige rang en is van geen belang hy hierdie onderwerp nie.

Hier en daar kom die leser ook 'n vertalinkie teë maar ook die weer is van so 'n geringe betekenis dat dit nie 'n breedvoerige bespreking regverdig nie. Geen digter het sy talent gewaag aan die vertaling van enige uitstaande gedig uit vreemde literatuur nie.

Duidelik blyk dit by 'n studie van die Nederlandse letterkunde, aan die Kaap dat dit maar 'n replika, 'n tamelike juiste weer gawe was van die gees in die Nederlande self geopenbaar. Die boompie is aan die lewe gehou deur die toonaangewende skrywers, veral de Lima. Maar oorgeplant uit 'n suffe, muffige literêre atmosfeer van 'n selftevrede Vaderland, wat in werklikheid nie meer 'n vaderland vir die meeste koloniste was nie, het dit die Afrikaanse bodem te vreemd gevind. Die grond was te 'brandrig' en die pteperige plantjie het gekwyn, geblom en klein saadjies in 'n dorre aarde gelos. Toe het die reëns en storms gekom, die saadjie het opgeskiet. Stadig het die wortel geskiet, storms en ondergang getrots, eer en so opgegroeï tot 'n fleurige jong boompie wat vrugte met 'n besondere geur voorbring in die vorm van ons eie jong Afrikaanse Letterkunde.

---